



'n Man met 'n plan

HULDEBLYK AAN / TRIBUTE TO

WILLEM F. BOTHA



LEXIKOS 32(3)

AFRILEX -reeks series 32:2022

REDAKTEURS | EDITORS

Naomi Bruwer
Gerda Odendaal

Lexikos 32(3)

Lexikos 32(3)

'n Man met 'n plan Huldeblyk aan / Tribute to Willem F. Botha

Redakteurs

Editors

Naomi Bruwer

Gerda Odendaal



African Association for Lexicography

AFRILEX-REEKS 32B:2022

AFRILEX SERIES 32B:2022



BURO VAN DIE WAT

STELLENBOSCH

Uitgewer Publisher

BURO VAN DIE WAT
Posbus 245
7599 STELLENBOSCH

Kopiereg © 2022 deur die uitgewer
Alle regte streng voorbehou
Eerste uitgawe 2022

Tipografie en uitleg deur Tanja Harteveld en Hermien van der Westhuizen
Bandontwerp deur SUN MeDIA
Foto deur Naomi Bruwer
Geset in 10 op 12 pt Palatino

Lexikos 32(3) AFRILEX-REEKS 32B:2022
Lexikos 32(3) AFRILEX SERIES 32B:2022

Gedruk en gebind deur SUN MeDIA Stellenbosch
Office 5, The Woodmill, Vredenburg Road, Stellenbosch

ISBN 978-1-990998-50-8
ISSN 2224-0039

Hierdie werk is gelisensieer ingevolge 'n Creative Commons License CC BY 4.0-
lisensie.

Licensed under Creative Commons License CC BY 4.0.

Menings wat in artikels en resensies uitgespreek word, is nie noodwendig dié
van AFRILEX of die Buro van die WAT nie.

Opinions expressed in the articles and reviews are not necessarily those of
AFRILEX or of the Bureau of the WAT.

Lexikos is elektronies beskikbaar by <http://lexikos.journals.ac.za/>
Lexikos is available online at <http://lexikos.journals.ac.za/>

Lexikos is elektronies beskikbaar by Sabinet, AJOL, Ebsco en Proquest
Lexikos is available online from Sabinet, AJOL, Ebsco and Proquest

Indekse Indexes

Asian Digital Library; Arts and Humanities Citation Index®, Current Contents®/
Arts & Humanities, Current Contents®/Social and Behavioral Sciences; ERIH Plus;
EuroPub Index; Index Copernicus Journals Master List; Journal Citation Reports/
Social Sciences Edition, Social Sciences Citation Index®, and Social Scisearch®;
Linguistic Bibliography Online; Linguistics Abstracts Online; Linguistics and Lan-
guage Behavior Abstracts; MLA Inter-national Bibliography; R.R.K. Hartmann's
Bibliography of Lexicography; SciELO SA; Scopus

Span van Roterende Redakteurs / Team of Rotating Editors

Mr. André H. du Plessis (RSA)
Dr. H.S. Ndinga-Koumba-Binza (RSA en Gaboen/RSA and Gabon)
Prof. Dion Nkomo (RSA en Zimbabwe/RSA and Zimbabwe)
Prof. Elsabé Taljard (RSA)

Adviesraad / Advisory Board

Prof. A. Adamska-Salaciak (Pole/Poland)
Prof. H. Béjoint (Frankryk/France)
Prof. H. Chimhundu (Zimbabwe)
Prof. F. Dolezal (VSA/USA)
Prof. R.H. Gouws (RSA)
Prof. R.R.K. Hartmann (Groot-Brittanje/Great Britain)
Prof. W. Martin (België en Nederland/Belgium and The Netherlands)
Prof. I.A. Mel'čuk (Kanada/Canada)
Prof. A.M.F.J. Moerdijk (Nederland/The Netherlands)
Dr. J. Tent (Australië/Australia)
Prof. J. Van Keymeulen (België/Belgium)
Prof. P.G.J. van Sterkenburg (Nederland/The Netherlands)
Prof. L.S. Vikør (Noorweë/Norway)

Redaksiekomitee / Editorial Committee

Dr. M.M. Bagwasi (Botswana)
Prof. H.L. Beyer (Namibië/Namibia)
Prof. W.A.M. Carstens (RSA)
Prof. E. Chabata (Zimbabwe)
Prof. C.J. Conradie (RSA)
Prof. A.E. Feinauer (RSA)
Prof. R. Finlayson (RSA)
Dr. S. Hadebe (Zimbabwe)
Prof. I.M. Kosch (RSA)
Dr. P.A. Louw (RSA)
Mnr. K.J. Mashamaite (RSA)
Prof. P.A. Mavoungou (Gaboen/Gabon)
Dr. V.M. Mojela (RSA)
Mnr. M.C. Mphahlele (RSA)
Prof. T.J. Otlogetswe (Botswana)
Prof. A.N. Otto (RSA)
Prof. D.J. Prinsloo (RSA)
Prof. P.H. Swanepoel (RSA)

Inhoud / Contents

Voorwoord <i>Hester Klopper</i>	ix
Van die Redakteurs From the Editors <i>Naomi Bruwer en/and Gerda Odendaal</i>	xi xiii
Huldeblyke / Tributes	
Dr. Willem Botha: Planmaker en steunpilaar <i>Johan Holtzhausen</i>	xv
Willem Botha: Woordeboekmaker en méns <i>Wannie Carstens</i>	xvii
Tribute to Dr Willem Botha <i>Tim van Niekerk</i>	xx
About Dr Willem Botha <i>Sponono Mahlangu</i>	xxiii
<i>Etimologiewoordeboek van Afrikaans (EWA) en Willem Botha</i> <i>Piet van Sterkenburg</i>	xxiv
Tribute to Dr Willem Botha <i>Paul Achille Mavoungou</i>	xxviii
Willem, die dicken omme waecte <i>Ernst Kotzé</i>	xxix
Redaksionele doelstellings Editorial Objectives	xxxi xxxii
Artikels / Articles	
The South African National Lexicography Units — Two Decades Later <i>Mariëtta Alberts</i>	1

Aspekte van vernuwing in die Afrikaanse leksikografie: Standaard- en pedagogiese woordeboeke as barometer <i>Herman L. Beyer en Phillip A. Louw</i>	25
Innoverende toegangsroetes in selfoonwoordeboeke <i>André H. du Plessis</i>	49
C. Louis Leipoldt se bydrae tot die materiaalversameling van J.J. Smith se Afrikaanse standaardwoordeboek <i>J.C.M.D. du Plessis</i>	78
Ruimtelike en temporele leksikografiese deiktiese verankering <i>Rufus H. Gouws</i>	95
How School Dictionaries Treat Human Reproductive Organs, and Recommendations for South African Primary School Dictionaries <i>Lorna Hiles Morris</i>	123
Laat ons boeke vat. Illustrasie van die nut van 'n leesprogram in 'n era van korpusleksikografie met aanbevelings vir die <i>Woordeboek van die Afrikaanse Taal</i> <i>Jana Luther</i>	144
How Great is thy Dictionary? Cross-referencing as a Lexicographic Device in <i>The Greater Dictionary of (isi)Xhosa</i> <i>Dion Nkomo, Bulelwa Nosilela and Wanga Gambushe</i>	166
Wat beteken <i>B(b)oer</i> in 2022? <i>Marné Pienaar</i>	191
Visuele elemente in vertalende woordeboeke gerig op die grondslag- fase teen die agtergrond van geletterdheidsontwikkeling <i>Michele F. van der Merwe</i>	215
Voorskrifte aan Skrywers	249
Instructions to Authors	250

leksikograaf

o wederstrewige en esotere woord:
hoe moet ek tog swoeg en sweet en redigeer
voordat ek jou in my woordeboek kan lemmatiseer.
as ek maar tog 'n digter was,
sou ek jou saam met ander laat pas
en met ritme, metrum, jambe en trogee
in perfekte versvoet weer wou gee.
helaas moet ek jou nou
serebraal en volgens norm
en met metataal heel eksplisiet
in streng leksikale vorm giet!

slangnes, palimpses
perkoleer, kantekeer
rooinek, almansgek
kanteldraai, loodswaai:
ai, watter vreugde
is dit om woorde te dissekteer,
te aksepteer
en soms te aborteer
en hoe lekker om jou taalkundige strawasie
klaar te maak met 'n mate van akklamasie!

rymdwang/dwangrymelaar

as ek my pen opneem en wil begin "dig",
het ek nog altyd voor rymdwang geswig:
daarvoor verwyf ek natuurlik steeds
vermaarde professore, grys en preuts,
wat jou leer gepaarde en omarmende rym
dien in die gedig as die lym
wat versvoet, jambe en trogee
die nodige blesit samehang moet gee!

Vir Willem: Dankie vir die pad wat ons oor die jare kon saamloop!

Dr. Frikkie Lombard

Eindredakteur: Buro van die WAT

Voorwoord

Om genoeg of die regte woorde te vind om voldoende erkenning te gee aan 'n man wat in die sweet van sy aansyn en uit liefde vir die saak sy ganse loopbaan aan taal en woorde gewy het, is 'n haas onbegonne taak. Tog hoop ons hierdie huldigingsbundel, wat saamgestel is om erkenning te verleen aan dr. Willem Botha se bydrae tot Afrikaans, sowel as die Afrikaanse leksikografie, tydens sy loopbaan by die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (die WAT), is 'n klein maar waardevolle begin. Die bundel verskyn as 'n spesiale uitgawe van *Lexikos*, die WAT se geakkrediteerde joernaal.

Die WAT is 'n omvattende, verklarende woordeboek wat die enigste volledige dokumentering van Afrikaans verteenwoordig — waaronder die vaslegging van Afrikaans as akademiese taal. Die amptelike werksaamhede aan die Woordeboek, onder meer met die samewerking van die destydse Nasionale Pers en die Universiteit Stellenbosch (US), het in 1926 in Keeromstraat, Kaapstad begin. In 1929 het die US die verantwoordelikheid vir die WAT van Nasionale Pers oorgeneem en in 1930 het die Woordeboek se kantoor na Stellenbosch verskuif, waar dit deesdae in Banghoekweg geleë is.

'n Mens kan egter nie na die WAT en die sukses van die Woordeboek verwys sonder klem op dr. Botha se monumentale bydrae nie. Dr. Botha, wat onder meer die grade B.A.-Hons. (Latyn), B.A.-Hons. (Afrikaans en Nederlands), M.A. (Afrikaans en Nederlands) en D.Litt. (Afrikaans en Nederlands) aan die US verwerf het, het in 1988 as mederedakteur by die Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal aangesluit. Hy is in 2004 as hoofredakteur en uitvoerende direkteur aangestel.

Dr. Botha se geesdrif, fokus op vernuwing, harde werk, veerkragtigheid, toewyding, vaardighede en omvattende kennis, het die Woordeboek sonder twyfel op 'n standvastige en moderne trajek geplaas. Danksy inisiatiewe van sy kant af, is die Woordeboek byvoorbeeld nou in staat om sowat 85% van sy eie finansiering te genereer met 'n staatsubsidie van slegs 15%. Dit getuig van uitstekende verhoudings met weldoeners, belanghebbendes en donateurs.

'n Woordeboek van dié aard kan ook net 'n ware impak hê as die gebruikers van die taal aan boord en betrokke is. Dit was waarlik dr. Botha se hartsaak om die WAT aan 'n wyer publiek bekend te stel, so inklusief moontlik te wees, en mense opgewonde oor hulle taal te maak. Daar is talle suksesvolle voorbeelde, waaronder die gewilde Borg 'n woord-projek, die Treffendste Afrikaanse Handelsnaam-kompetisie, die Woord van die Week (onder meer op RSG en die WAT se Facebook-blad), 'n nuutskeppingskompetisie, woordspeletjies, en bydraes tot radio- en TV-programme.

My dank en waardering aan alle personeel en mederedakteurs by die WAT vir die samestelling, versorging en publikasie van hierdie bundel, sowel as alle medewerkers, vriende en kollegas vir hulle inleidende artikels, persoonlike indrukke en akademiese bydraes. Baie dankie vir julle betrokkenheid en ondersteuning van hierdie projek.

Mag almal wat lief is vir Afrikaans in al sy vorme en wat wil sien hoe die taal regtig geleef en gepraat word — met 'n begrip van die verlede en 'n blik op die toekoms — inspirasie put uit dié bundel. Dit is ons voorreg om só erkenning te gee aan dr. Botha en die omvangryke verskil wat hy by die WAT en ook in die lewe van Afrikaans gemaak het.

Prof. H.C. Klopper
Voorsitter van die Raad van Direkteure van die WAT
Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake aan die US

Van die Redakteurs

Vir iemand soos dr. Willem Botha wat self as redakteur van 'n huldigingsbundel erkenning gegee het aan sy voorganger by die Buro van die WAT, was 'n huldigingsbundel vir ons die aangewese manier om aan hom erkenning te gee vir die uitsonderlike bydrae wat hy as Hoofredakteur en Uitvoerende Direkteur van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal tot Afrikaans en die Afrikaanse leksikografie gelewer het.

Dr. Botha het hom oor die afgelope 19 jaar bewys as iemand wat die daad by die woord voeg. Onder sy leiding en planmatige bestuur het die Buro van die WAT te midde van 'n toenemende vermindering van staatsbefondsing gegroei tot 'n finansiële gesonde maatskappy. Dit het hy onder andere vermag deur intensiewe fondswerwing en die implementering van innoverende projekte soos Borg 'n Woord, asook vennootskappe soos die Sluk jou woorde-wynreeks. Sy weeklikse praatjies op die radiostasie RSG het van hom 'n bekende stem in menige Afrikaanse huishouding gemaak. Danksy wye media-blootstelling en projekte soos die WAT se jaarlikse Nuutskeppingskompetisie in samewerking met RSG en die ATKV, asook die Treffendste Afrikaanse Handelsnaam-kompetisie, het die WAT deur dr. Botha se toewyding 'n huishoudelike naam geword.

Benewens die ses dele van die WAT (Deel XII tot XVII, wat die letters P tot T bevat) wat onder sy hoofredakteurskap voltooi is, het daar verskeie satelliet-publikasies onder sy aansporing en leiding verskyn. Dit sluit in *Sinonieme en verwante woorde* (2006) in samewerking met Pharos, *EWA Supplement* (2006), 'n supplement tot die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans* in samewerking met Nederlandse medewerkers en weldoeners, en *Basic Afrikaans: The Top 1000 Words and Phrases* (2011) in samewerking met die Vriende van Afrikaans.

Die leidende rol wat dr. Botha in die loop van jare as hoof van die Nasionale Leksikografiese Eenheid vir Afrikaans by PanSAT gespeel het, kan nie oorskat word nie. Die WAT het die voortou geneem in die praktiese Suid-Afrikaanse leksikografiese landskap deurdat ander leksikografiese eenhede opleiding by die WAT ontvang het. Die WAT se status as 'n eenheid vir leksikografiese uitnemendheid is ook in die breër Afrika gevestig met studente van Gaboen, Malawi, Tanzanië, Zimbabwe en Namibië wat die Buro vir opleiding besoek het.

Dr. Botha het oor die jare heen ook die ontwikkelinge in die elektroniese en aanlyn sfeer en die moontlikhede wat dit bied, omarm. Só is daar in 2012 begin om die WAT se waardevolle kaartjiewersameling van sowat 3,5 miljoen indekskaartjies te digitiseer ten einde dit vir die nageslag te bewaar. In 2014 neem die WAT die gesofistikeerde TswaneLex-woordeboekskryfprogram in

gebruik, en die *Elektroniese EWA* en *Aanlyn WAT* is sedert 2015 beskikbaar gemaak op Viva (Virtuele Instituut vir Afrikaans) se Woordeboekportaal. Tydens sy termyn het die WAT ook 'n moderne nuwe webblad gekry en die sosialemediawêreld betree.

Op 'n ouderdom waarop die meeste mense al sou begin afskaal, het dr. Botha kans gesien vir nóg 'n uitdaging: die voltooiing van die WAT binne tien jaar. So het die Tienjaarplan in 2017 onder sy leiding 'n aanvang geneem. Dié plan, asook die strategiese doelwitte wat daaruit voortspruit, is só ontwerp dat dit nie net die voltooiing van die WAT binne tien jaar 'n werklikheid sal maak nie, maar ook die voortbestaan van die Buro ná voltooiing van die woordeboek verseker. Dr. Botha laat hierdie plan, wat reeds in sy vyfde jaar is, goed op koers na vir sy opvolger, ten spyte van uitdagings wat die Covid-19-pandemie oor sy pad gebring het.

In 2017 ontvang dr. Botha 'n spesiale toekenning vir Lewenslange Prestasie in Taalontwikkeling van die Wes-Kaapse Minister van Kultuursake en Sport.

En so sal ons dr. Botha onthou: as 'n man met 'n plan. Iemand wat nie net voorgepraat het nie, maar voorgevat het.

Ons opregte dank gaan aan die bydraers tot die bundel, sowel as mes. Tanja Harteveld en Hermien van der Westhuizen vir hulle hulp met die samestelling en uitleg. Ons bedank ook graag die volgende persone wat as keurders van die akademiese bydraes opgetree het: me. Dané Claassen, me. Charlène de Kock, mnr. André du Plessis, dr. Johan du Plessis, mnr. Fred Pheiffer, en me. Esmaré van der Merwe, Buro van die WAT (Stellenbosch), prof. Nerina Bosman, Universiteit van Pretoria, prof. Theo Bothma, Universiteit van Pretoria, dr. Carla Ellis, Universiteit van die Vrystaat (Bloemfontein), dr. Hanelle Fourie Blair, Oxford Languages (Engeland), prof. Langa Khumalo, South African Centre for Digital Language Resources (Potchefstroom), prof. Inge Kosch, Universiteit van Suid-Afrika (Pretoria), dr. Phillip Louw, Oxford University Press Southern Africa (Kaapstad), prof. Danie Prinsloo, Universiteit van Pretoria, me. Corlietha Swart, Universiteit van die Vrystaat (Bloemfontein), mnr. Marius Swart, Universiteit Stellenbosch, dr. Michele van der Merwe, Universiteit Stellenbosch, prof. Angelique van Niekerk, Universiteit van die Vrystaat (Bloemfontein), mnr. Tim van Niekerk, Dictionary Unit for South African English (Grahamstad).

Me. Naomi Bruwer
Dr. Gerda Odendaal
Buro van die WAT
Stellenbosch

From the Editors

As Dr. Willem Botha was himself an editor of a festschrift through which he gave recognition to his predecessor at the Bureau of the WAT, we thought a festschrift a fitting way to give recognition to Dr. Botha for his exceptional contribution as Editor-in-Chief and Managing Director of the *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, to Afrikaans, and Afrikaans lexicography.

Over the past 19 years, Dr. Botha has proven himself as someone who puts his words into action. Under his leadership and methodical management, the Bureau of the WAT grew to be a financially sound company amidst continually decreasing state funding. He achieved this, amongst other things, through intensive fundraising and the implementation of innovative projects like Borg 'n Woord (Sponsor a Word), as well as partnerships such as the Sluk Jou Woorde (Swallow Your Words) wine range. His weekly talks on the radio station RSG made him a well-known voice in many an Afrikaans household. Thanks to widespread media exposure and projects such as the yearly Nuut-skeppingskompetisie (Neologism Competition) of the WAT in partnership with RSG and the ATKV, as well as the Treffendste Afrikaanse Handelsnaam-kompetisie (Most Striking Afrikaans Brand Name Competition), the WAT has become a household name due to Dr. Botha's commitment.

In addition to the six parts of the WAT (part XII to XVII, which covers the letter P to T) that was completed under Dr. Botha as Editor-in-Chief, several satellite publications also appeared under his encouragement and guidance. These include *Sinonieme en verwante woorde* (2006) in collaboration with Pharos, *EWA Supplement* (2006), a supplement to the *Etimologiewoordeboek van Afrikaans*, in collaboration with Dutch co-workers and benefactors, and *Basic Afrikaans: The Top 1000 Words and Phrases* (2011) in partnership with the Vriende van Afrikaans.

The leading role that Dr. Botha played over the years as the head of the Afrikaans National Lexicography Unit at PanSALB cannot be overestimated. The WAT took the lead in the practical lexicography landscape in South Africa by training the staff of several other lexicography units. The status of the WAT as a unit of lexicographic excellence is also well-established in the rest of Africa with students from Gabon, Malawi, Tanzania, Zimbabwe, and Namibia that visited the Bureau for training.

Over the years Dr. Botha also embraced the developments in and possibilities of the electronic and online spheres. As such, the WAT started digitising its valuable word slip collection of approximately 3,5 million index cards in 2012 to conserve it for posterity. The WAT also started using the sophisticated TswaneLex dictionary writing software in 2014, and the *Elektroniese EWA* and

Aanlyn WAT are available on the dictionary portal of VivA (Virtuele Instituut vir Afrikaans) since 2015. During Dr. Botha's term, the WAT also got a modern new website and entered the world of social media.

At an age when most people would have started to put on the brakes, Dr. Botha was up for another challenge: the completion of the WAT within ten years. This is how the Tienjaarplan (Ten Year Plan) was started under his leadership in 2017. The plan and the strategic goals that flow from it are designed in such a way that it will not only realise the completion of the WAT within ten years but will also ensure the continued existence of the Bureau after completion. Dr. Botha leaves this plan, which is already in its fifth year, on track for his successor despite the challenges posed by the Covid 19 pandemic.

In 2017 Dr. Botha received a special award for Lifelong Achievement in Language Development from the Western Cape Minister of Cultural Affairs and Sport.

And this is how we will remember Dr. Botha: as a man with a plan. Someone who did not just talk the talk, but walked the walk.

Our sincere thanks to all the contributors to this volume, as well as Mss. Tanja Harteveld and Hermien van der Westhuizen for their help with composition and layout. We would also like to thank the following individuals that served as reviewers for the academic contributions: Ms. Dané Claassen, Ms. Charléne de Kock, Mr. André du Plessis, Dr. Johan du Plessis, Mr. Fred Pheiffer, and Ms. Esmaré van der Merwe, Bureau of the WAT (Stellenbosch), Prof. Nerina Bosman, University of Pretoria, Prof. Theo Bothma, University of Pretoria, Dr. Carla Ellis, University of the Free State (Bloemfontein), Dr. Hanelle Fourie Blair, Oxford Languages (England), Prof. Langa Khumalo, South African Centre for Digital Language Resources (Potchefstroom), Prof. Inge Kosch, University of South Africa (Pretoria), Dr. Phillip Louw, Oxford University Press Southern Africa (Cape Town), Prof. Danie Prinsloo, University of Pretoria, Ms. Corlietha Swart, University of the Free State (Bloemfontein), Mr. Marius Swart, Stellenbosch University, Dr. Michele van der Merwe, Stellenbosch University, Prof. Angélique van Niekerk, University of the Free State (Bloemfontein), Mr. Tim van Niekerk, Dictionary Unit for South African English (Grahamstown).

Ms. Naomi Bruwer
Dr. Gerda Odendaal
Bureau of the WAT
Stellenbosch

Dr. Willem Botha: Planmaker en steunpilaar

Mnr. Johan Holtzhausen, *Voorsitter van die WAT Trust*

Daar word gesê dat alle goeie dinge tot 'n einde kom. Dr. Botha laat egter 'n nalatenskap en woordeboekspan wat verseker dat die momentum wat daar tans is, behoue sal bly tot 2029 en verder. Ons opregte dank aan Willem Botha vir die rol wat hy oor bykans 25 jaar gespeel het, eers as mederedakteur en toe as hoofredakteur van die WAT.

Willem het my beïndruk met sy passie vir Afrikaans en vir sy boekmaker-span. Hy het projekte met entoesiasme aangepak en was altyd besorg oor sy span se wel en weë.

Sedert 2010, toe ek aangestel is as 'n trustee van die WAT Trust en in 2016 as voorsitter, was Willem 'n steunpilaar. Op sy unieke manier het hy dinge laat gebeur en die WAT Trust bygestaan met hulle taak. Die opdroog van fondse van PanSAT se kant het die WAT Trust genoodsaak om na ander bronne van inkomste of skenkings te kyk om die groot taak te voltooi. Willem het sy moue opgerol wanneer dit verlang is en nie geskroom om potensiële skenkers te kontak of met nuwe inisiatiewe na vore te kom nie. Dit was onregverdig om Willem te betrek by 'n area (fondsinsameling) waarvan hy as redakteur min kennis gehad het. Hy het egter die uitdaging saam die WAT Trustees aanvaar en hom goed van sy taak gekwyt.

Behalwe vir sy werk as boekmaker in die verlede, het Willem in my opinie sy staal gewys toe daar aan die einde van 2017 deur die WAT Trust voorgestel is dat daar 'n meer konkrete plan en tydlyn vir die voltooiing van die woordeboek opgestel moet word en dat die WAT Trust "op risiko" sal gaan deur fondse tot hulle beskikking vir 'n versnelling van die taak aan te wend. Die WAT Trust het besef dat donateurs nie geneë sal wees om onbepaald te wag vir die afhandeling van die woordeboek nie. Daar was verskeie doemprofete wat beweer het dat die voorgestelde tienjaarplan om die woordeboek te voltooi nie haalbaar is nie, dat daar nie genoeg leksikograwe is om te help nie (personeel by die Buro was wesenlik afgeskaal oor die jare as gevolg van beperkte fondse), en dat Willem nie só 'n projek of proses as redakteur kon dryf nie.

Prof. Arnold Schoonwinkel, Helgard Raubenheimer en ekself het die tienjaarplan by ons grootste donateurs in 2018 voorgelê (nadat die WAT Trust en Buro dit goedgekeur het) en ons is baie dankbaar dat hulle (Het Jan Marais Nasionale Fonds, Trust vir Afrikaanse Onderwys, Hiemstra Trust, Sanlam, en ander) dit aanvaar het en hulle bydraes verhoog het, al het hulle die plan as ambisieus beskou.

Dit is meer as vier jaar later (met Covid tussenin) en ek wil Willem en sy span gelukwens dat ons nie net op koers is om die voltooiing van die woordeboek teen 2029 te haal nie, maar dat ons voor ons tydlyne is. Willem is 'n unieke persoon met 'n unieke persoonlikheid. Hy is egter 'n planmaker, boekmaker en staatmaker. Sy nalatenskap sal onthou word!

Ons opregte dank aan Willem!

Willem Botha: Woordeboekmaker en méns

Prof. Wannie Carstens, *buitengewone professor in Afrikaanse taalkunde*
(Noordwes-Universiteit) en *direksielid van die Buro van die WAT*

Baie mense ken Willem Botha as die "stem van die WAT". Want al sedert 2011 praat hy Vrydagoggende oor woorde se betekenis en herkoms op RSG se Monitor-program en sedert 2004 antwoord hy een Sondag per maand taalkonferensie saam met 'n kollega (vir meer as twintig jaar saam met dr. Frikkie Lombard en sedert 2021 saam met me. Alet Cloete) op RSG se taalprogram Taaltinge¹. Met 'n rustige stem vertel hy oor die uniekhede van Afrikaans se woorde, verklaar hy taalprobleme en bemark hy ook entoesiasies die WAT. Sy weeklikse oproep om 'n woord te borg, is al lank 'n gegewe op RSG.

"Wie is Willem Botha?" het mense wat weet ek ken hom, my al gevra. My antwoord was nog altyd dat Willem eerstens 'n taalmens is; iemand wat 'n loopbaan van bykans 44 jaar aan Afrikaans afgestaan het — eers as onderwyser en vanaf 1988 as woordeboekmaker by die WAT. Dit is die openbare gesig van Willem: iemand wat 'n loopbaan in diens van Afrikaans was en hom ook daarin uitgeleef het.

Vir baie mense maak hierdie openbare profiel Willem in wese die gesig van die WAT. Wat hy uiteraard nie is nie en ook nie wil wees nie omdat hy weet dat hy bloot die leier van 'n entoesiastiese en hoogs kundige span woordeboekmakers is — 'n span waarop hy baie trots is — wat hy moet lei om Afrikaans se grootste en omvattendste woordeboekprojek deur te voer. Maar dat Willem sedert hy in 2004 die hoofredakteur en uitvoerende direkteur van die Buro van die WAT geword het, deur sy aktiwiteite en die maak van kreatiewe planne gehelp het om die nasionale en ook internasionale profiel van die WAT beduidend te lig, kan daar nie oor getwyfel word nie. Onder Willem se leiding is daar reeds vyf dele (Dele XII–XVI) van die WAT gepubliseer en is Deel XVII in die afrondingsproses. Dus ses dele in sy 18 jaar in sy pos as hoofredakteur.

Maar onder Willem se leiding het ook die tegnologie wat die werk van die WAT moontlik maak, sterk toegeneem en 'n groot impak gehad op die tempo waarteen die WAT sy voltooiingsdatum probeer haal het. Willem praat graag van die "nuwe-generasie-WAT-dele" wat as gevolg hiervan gerealiseer het. As gevolg hiervan is dele van die WAT vinniger voltooi as in die verlede. Daar is selfs onder sy leiding in 2018 'n tienjaarplan ontwikkel wat noukeurig nagevolg word om die werk te kan voltooi — met 2029 as einddatum. Dit word goed gemonitor en bestuur. Sy opvolger sal daarom baie baat by die prosesse wat reeds hiermee aan die gang gesit is.

"Maar watter soort *mens* is Willem?" is gewoonlik die opvolgvraag. Want die mense het gehoor hy lag so lekker.

Dit is nie so maklik om dit te antwoord nie, want hoe vat 'n mens iemand so "interessant" saam. Willem is iemand wat graag sosiaal verkeer en sy uitbundige lag in 'n geselskap is so dikwels 'n teken dat die sosialisering goed verloop. Hy is bekend daarvoor dat hy altyd tyd het vir 'n grappie (veral oor taal), maar aan die ander kant was hy ook 'n toegewyde bestuurder tot met sy aftrede. Maar Willem is ook 'n private mens wat graag tyd saam met sy vrou en dogter deurbring, wat van 'n potjie tennis hou, met entoesiasme die kunste ondersteun en dan ook dikwels tyd in die natuur deurbring. Woordeboekmaak is werk wat spanning meebring (gekenmerk deur 'n konstante tekort aan finansies, die bestuur van 'n diverse groep werkers, die haal van spertye, die beskikbaarheid van materiaal) en 'n uitlaatklep is daarom nodig vir balans. Maar Willem is ook vir baie 'n lojale vriend, iemand op wie jy kan staatmaak wanneer daar krisisse is.

Ek ken Willem al sedert die middel 1970's toe ons beide met nagraadse studie in Afrikaans aan die Universiteit van Stellenbosch² besig was. Ons het mekaar in 1976 in die Departement Afrikaans en Nederlands raakgeloop. Ek het toe pas my HOD agter die rug gehad en het met my MA in Afrikaanse taalkunde begin. Willem het begin met sy honneurs in Afrikaans en Nederlands wat hy ook probeer kombineer het met 'n honneurs in Latyn. Waagmoedig! Ons het heelwat kontak gehad, en gou agtergekom dat Afrikaans vir ons beide 'n passie is. Ons het ook mettertyd beide ons D.Litt.'s verwerf: ek in 1985 en hy in 2003.

Ons het al twee loopbaanpaaie aangepak wat ons in verskillende rigtings laat trek het. Maar ons loopbane het een gemene deler gehad: ons entoesiasme vir ons taal Afrikaans. Beide van ons het uiteindelik 'n loopbaan aan Afrikaans gewy; weliswaar op verskillende vlakke. Ek het akademikus geword en Willem het mettertyd by die Buro van die WAT aangesluit, waar hy sy passie kon uitleef en woordeboeke kon help maak. Ek het in 1977 'n tydelike junior lektor in Afrikaanse taalkunde aan US geword, in 1980 oorgeskuif na die Universiteit van Kaapstad en daarna (1991) na die destydse PU vir CHO (sedert 2004 die Noordwes-Universiteit) op Potchefstroom waar ek ná 45 jaar my loopbaan in 2017 as professor in Afrikaanse taalkunde afgesluit het. Willem het in 1979 begin onderwys gee in die Paarl en in 1988 as mederedakteur by die Buro van die WAT aangesluit. En nou het sy loopbaan van 44 jaar ook tot 'n einde gekom — aan die einde van 2022 — en wel op die pos wat vir leksikograwe gesog is: as hoofredakteur en uitvoerende direkteur van die WAT.

Oor die jare sedert 1976 het ons 'n stewige vriendskap opgebou; een wat ek kosbaar ag. En dit is ook een wat ons oor die jare lewendig gehou het deur gereelde kontak en ook deur saam te werk aan projekte waar Afrikaans ter sprake was.

So is ek (danksy Willem) teen 2008 aangestel as lid van die direksie van

die Buro van die WAT. Hier het ons gedeelde belangstelling in Afrikaans byeengekom: hy as medewerker aan die grootste Afrikaanse woordeboek en ek as akademikus wat oor Afrikaans gepubliseer het en in bestuursposte beland het waar ek kon werk vir die uitbou van Afrikaans se funksies. Vir beide van ons speel die WAT 'n groot rol in die uitbou van Afrikaans en in ons onderskeie rolle het ons elkeen ons beste gedoen om die dokumentering van Afrikaans volhoubaar te maak. So het 'n mooi netwerk gevestig geraak.

In tye toe die WAT se finansies begin druk het as gevolg van onder meer onstabiliteit in die PanSAT-strukture, het Willem se entrepreneuriese uitkyk gehelp om die WAT as 'n kernkomponent van die breë Afrikaanse landskap te posisioneer. In hierdie proses is daarin geslaag om die WAT op 'n stewiger finansiële grondslag te plaas, deur fondswerwing in die Afrikaanse gemeenskap, maar ook deur die bekende Borg 'n woord-veldtog waardeur heelwat belangrike fondse vir Afrikaans ingewin is. Tydens die jaarlikse US Woordfeeste was Willem en sy entoesiastiese medewerkers 'n bekende gesig op die feesterrein — sodoende het die WAT se sigbaarheid vir die publiek toegeneem. By internasionale feeste vir Afrikaans in Amsterdam en Den Haag was Willem met die WAT's getrou op sy pos. Vandag bestaan daar ook die WAT Trust wat 'n groot rol speel om die WAT se volhoubaarheid (ook finansiël) te verseker. Willem laat inderdaad die Buro van die WAT op 'n beter finansiële plek agter as toe hy in 2004 as hoofredakteur aangestel is.

Om Willem in enkele woorde saam te vat, is daarom nie so maklik nie. Willem het baie kante: toegewyde woordeboekman, liefhebber van Afrikaans, entrepreneur vir Afrikaans, bestuurder van die WAT in 'n moeilike politieke konteks, eggenoot van Tersia, pa van 'n dogter Giselle, iemand wat tyd maak vir 'n taalgrappie, maar ook 'n lojale vriend en geesgenoot. So het hy gereeld die fasiliteite van die Buro van die WAT beskikbaar gestel as daar saamgedink moes word vir en oor Afrikaans. Danksy die gebruik van die Buro van die WAT se fasiliteite het byvoorbeeld die ontstaansproses van die inklusiewe Afrikaanse Taalraad (ATR) makliker (en goedkoper!) verloop, en dit was selfs die plek waar die onderskeie departemente waar Afrikaans as vak aan universiteite gedoseer word, in 2022 vir die eerste keer in meer as 30 jaar byeengekom het. So is akademiese belangstelling in Afrikaans versoen met die praktiese werk vir Afrikaans — die dokumenteer van Afrikaans se omvattende woorde-skat. 'n Mooi kombinasie van teorie en praktyk.

Willem, dankie vir jou gedeë en toegewyde werk vir Afrikaans! Mag die nuwe fase in jou lewe vir jou en jou mense groot vreugde bring en mag die drome wat jy nog koester (soos dat jy 'n barista wil word ...) waar word.

Eindnotas

1. Voorheen "Die tale wat ons praat".
2. Deesdae Universiteit Stellenbosch.

Tribute to Dr Willem Botha

Mr Tim van Niekerk, *Director: Dictionary Unit for
South African English (DSAE)*

I was first introduced to Dr Willem Botha over two decades ago as a shy young lexicographer at my first AFRILEX (African Association for Lexicography) conference. When he heard my surname, he immediately began to address me in Afrikaans. I was flustered. All I could say was, "Jammer, maar ek is 'n Engelse Van Niekerk." This was a feeble excuse, since my mother's family is Afrikaans and I could understand the language reasonably well, though we spoke English at home. Willem spared me any further embarrassment by laughing and switching immediately to English.

I recall this meeting as the first of many illustrations of his instinctive impulse to engage by trying to identify the other person's point of view. It sometimes surprises and charms the person concerned because it is so spontaneous. In my encounters with him through the last two decades, I noticed that he did this with all people from all walks of life and all language backgrounds, whether they be long-standing colleagues or passing strangers. I have seen how, in the space of a 200-metre walk, he elicited the story of a seasoned lexicographer's youth as a sportsman and a lifelong teetotaler, just by asking one or two questions. For the first time I understood why that colleague, who was a senior and otherwise quite formal figure, often wore a tracksuit top over his smart, collared shirt. In the South African context with its multiplicity of languages and cultures, Willem is greeted with fondness and enthusiasm — and as a leader — by peers from all National Lexicography Units (NLUs). This is no small achievement. Some leadership styles are detached and impersonal. Some linguists come across as nerds or geeks. In his representation of Afrikaans, and his curiosity about the language of everyday interactions in South Africa, Willem is none of these things. His interest in words seems to reflect a spontaneous interest in people: who they are, what they do and how they live. He therefore caught my attention as a young lexicographer: this mercurial, impish man with his trademark 1960s polo-neck jersey, who was always one step ahead, always observing or commenting on some detail that I had not noticed myself. More importantly, he seemed able to bridge the gap between personal and professional interaction. He could be, at the same time, an individual engaging openly and directly with other individuals, and the Executive Director and Editor-in-Chief of the *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT). Ask yourself how common that is. In my experience, it is not. Why was this so interest-

ing to me? Because I was raised to respect experience and expertise, but not authority conferred by titles. My father's advice when I went to university was: "Don't believe what your professors tell you until you believe it yourself."

My real interaction with Dr Botha began much later, in 2018. I had been appointed as director of the Dictionary Unit for South African English (DSAE) and this made me one of his peers. We met in this capacity at a gathering of NLU Editors-in-Chief in Durban, KwaZulu-Natal. I approached these proceedings with great earnestness and emphasis on timekeeping. Time is precious and travel budgets are low. On the first day of the meeting I found myself waiting in the hotel foyer with no other colleagues in sight, due to logistical delays that everyone was aware of except me. My previous trip had been to Germany, where time is scheduled at one-minute intervals. Willem could barely conceal his mirth when he found me in the foyer all dressed up with nowhere to go, in a very foul mood. "Don't be on time," he said, "it will only frustrate you." I was determined to reject this advice. But he was no less serious in his reasons for being at the meeting. The venue was the Durban branch of the Bible Society of South Africa, and we finally arrived. As we entered the premises, we passed a row of Bible Society staff members sitting in the courtyard having their morning tea. I thought these people would have no idea who we were and I was in a hurry to get started with our meeting, so I did not pay any attention to them. Before I knew it, however, Willem was introducing himself to every person holding their cup of tea: "Willem Botha ... Willem Botha ... Willem Botha." We had not yet entered our seminar room before he was beside me again: "What can I say? I'm Afrikaans". I thought: this man has energy. It took him a long time to get me to smile that day, but in the end I was laughing with him.

Willem is a walker, and on the same Durban trip we found ourselves standing outside of another venue with no transport arranged. He suggested we return to our hotel on foot. That became my first real chance to get to know him better. I knew from previous conference conversations that he had been a schoolteacher (to this day he has an elephant's memory for the pupils who slept in his classes). But on that walk, crossing robots and busy, pedestrian-unfriendly roads I heard him explain how, as a young man, he had not been a confident conference presenter. This caught my attention because, as a younger person, nothing had intimidated me more than the prospect of my own first conference presentation. Willem told me how nervous he had been for his first European conference paper, but it had clearly been a success. Why do I remember this? Because about three months previously I had seen Willem give a keynote speech at AFRILEX in 2018, where he outlined a 10-year plan for the completion of the 100-year WAT project. At the time I marvelled at his skill and confidence as a presenter. I have rarely seen someone so animated, engaged and confident of his material, pacing back and forth under a gigantic screen. The topic of the presentation was also very exciting: the planned completion of a

massive monolingual dictionary project that started 50 years before I was born, not in England or Europe, but in the country that is my home. Language is the fabric of identity and culture. Philosophers have argued that we are trapped by language, its concepts and formulations. Lexicographers are more pragmatic, however, and I prefer to see language as I think most people do: as the best available medium for relating to each other and being ourselves. Willem's keynote speech brought two things home to me. The first was that I was witnessing the near-culmination of a project to describe an entire language. The second was that I was seeing a man who had evolved to meet what seemed his life's great moment, someone matched to this task.

Pride in one's mother tongue is not easy to sustain in South Africa without some degree of ambivalence. We have a complex and, at times, dire history enacted through previous language policies, with repercussions through the generations. Yet I have experienced Dr Botha as someone who creates bridges. The WAT is well-known for being the NLU that, more than any other, has consistently offered lexicographical training courses through a period of decades, maintained the most prestigious peer-reviewed lexicography journal in Africa (*Lexikos*), and welcomed opportunities to host visiting lexicographers and share expertise. When I have visited Stellenbosch I have felt that, socially speaking it is, like most of the country, a multilingual environment; but at the same time it is the documentary and archival home of Afrikaans in the form of the WAT. I could not help envying this feeling of a language having a home. Visiting Stellenbosch in the last few years, Willem has walked me through the town and pointed out buildings, their past and current functions, and related stories about the people they are or were named after. Each time he has given me the impression of a man in his milieu: conscious of and engaged in its history. And with unflinching generosity, wit and good humour.

My most recent walk with Willem was in Stellenbosch at the 2022 AFRI-LEX conference. He walked me to the edge of the town where we sat under a tree behind the Danie Craven Stadium and ate our packed conference lunches. On the way, some schoolchildren ran past us wearing jerseys with numbers on their backs. He instantly noticed — as I didn't — that they were out of numerical order. Willem is the nemesis of the proverbial shy teenager. In Afrikaans, he called after the stragglers as they ran, telling them to get into proper sequence. Most of them kept their heads down and remained straight-faced, but I noticed one of them suppressing a smile. Teenagers will hate you for this kind of treatment: they do not want to be noticed. But it was another example of a man who is free and comfortable in his environment and who wants to bring others out of themselves, just as he evolved from being the young man that he was into the person he became. The medieval knights in Thomas Malory's *Le Morte d'Arthur* have a saying: Take whatever adventure God may send you. I think Dr Willem Botha has followed this imperative, with courage, good humour and openness, and that is my tribute to him.

About Dr Willem Botha

Dr Sponono Mahlangu, *Director: isiNdebele Dictionary Unit*

Dr Willem Botha served in the LexiEditors' Forum. He was also the chairperson of the Forum. He was very instrumental in assisting especially the indigenous languages' National Lexicography Units. He always shared information. Since the inception of the Units, Dr Botha assisted a lot in organizing the Lexicographic training workshops for the Units at the Bureau of the WAT. He is one of the founding members of the LexiEditors' Forum. He was once the chairperson of the LexiEditors' Forum. He has been very instrumental in drafting the constitution of the Forum. The aim thereof was to create a platform for the executive directors to share knowledge and information in the spirit of cooperative lexicography. He shared his insight with the executive directors on how the Afrikaans unit succeeded in getting donations and sponsors for the Bureau of the WAT. He also explained various methods that they use, for example selling words etc. He also helped the Units in coming up with a common Memorandum of Incorporation (MOI). As we know that kindness is one of the greatest gifts you can bestow upon another, Dr Botha has been a living testimony to this. His kindness will always be remembered by the unit heads. As they always say, people rarely succeed unless they have fun in what they are doing. He is a jocular person who like cracking jokes just to break the ice because even in hard times there is a possibility to have fun.

The National Lexicography Units will miss such a resourceful individual, someone who is always willing to offer assistance with a smile. Dr Botha's invaluable assistance to the National Lexicography Units will be assisting them even during heavy lexicographic storms after he has long gone. Some of us have worked with Dr Botha for more than 25 years, and we don't remember even a single day when he was angry, and could not communicate with a smile. The WAT will lose an individual with mountains of experience in lexicography but we hope that he will gladly avail himself for assistance not only to WAT, but to the family of National Lexicography Units as well.

Etimologiewoordeboek van Afrikaans (EWA) en Willem Botha

Prof. Piet van Sterkenburg, *emeritus hoogleraar Lexicologie,
Universiteit Leiden en oud-directeur Instituut voor Nederlandse Lexicologie*

In de marges van het internationale congres in 1994 over de 'sensitieve woordeschat' in het *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)* dat plaats vond in Sommerfield in Zuid Afrika, spraken de toenmalige rector magnificus van de Universiteit van Stellenbosch, professor Andreas van Wyk en ik, over de veranderingen in betekenis en gebruik van de Nederlandse erfwoorden buiten het centrum van het oorspronkelijke taalgebied. Samen smeedden wij daarop het plan om een etymologisch woordenboek van het Afrikaans voor een breed publiek te laten samenstellen in Stellenbosch met Nederlands kapitaal. Niet omdat het Instituut voor Nederlandse Lexicologie (INL) getroffen werd door een acute aanval van liefdadigheid, maar omdat dat instituut het historische *Woordenboek der Nederlandsche Taal* digitaal toegankelijk had gemaakt en allerlei extra informatie aan de trefwoorden wilde gaan toevoegen. Bij die extra informatie moet men denken aan dialectkaarten, afbeeldingen van paraferalia uit de katholieke traditie, van muziekinstrumenten, maar ook van informatie over de ontwikkeling van de Nederlandse woordenschat in Zuid-Afrika, Suriname en de Nederlandse Antillen. Het werven van financiële middelen voor een etymologisch woordenboek van het Afrikaans was voor het INL dus in belangrijke mate eigenbelang.

Dat geld kam er en dr. Dirk van Schalkwyk, toenmalig hoofdredacteur van het *WAT*, kreeg de leiding over het project. Het INL stelde prof. dr. Fons Moerdijk in de gelegenheid om in Stellenbosch de ontwikkeling van het concept en de opleiding van de beoogde redacteurs (G.J. van Wyk, A.E. Cloete, H.C. Liebenberg, H.J. Lubbe en A. Prinsloo) voor zijn rekening te nemen.

De eerste druk van het *Etimologiewoordeboek van Afrikaans (EWA)* verscheen in 2003 met meer dan acht duizend lemma's. Op zich een zeer respectabel aantal, maar desondanks bleef een belangrijk deel van de woordenschat die eveneens een beschrijving verdiende buiten beschouwing. En dat was dr. Willem Botha, die Dirk van Schalkwyk als hoofdredacteur opvolgde een doorn in het oog. Als kampioen fondsenwerving kostte het hem weinig tijd om de Nederlandse geldschietters opnieuw te bewegen te investeren in een supplement. En natuurlijk kreeg hij de leiding van dit nieuwe project.

Maar Willem Botha wilde eigenlijk iets anders dan een supplement dat op

onderscheiden plaatsen een aanvulling is op de eerste druk ook in de microstructuur met als gevolg dat de gebruiker telkens genoodzaakt is om van het supplement naar de eerste druk en omgekeerd van de eerste druk naar het supplement te gaan. Willem wilde een geïntegreerde databank voor de etymologie waaruit hij een groot samenhangend etymologisch woordenboek kon afleiden en kon laten drukken. Toen dat om velerlei redenen nog niet mogelijk bleek en ook bijstellingen in het concept niet haalbaar waren, voerde hij na een gesprek met lexicoloog prof. Rufus Gouws het vertrouwde concept van 2003 loyaal uit en dus verscheen in 2007 *Etimologiewoordeboek van Afrikaans Supplement* met 2 300 nieuwe lemma's die niet in de eerste druk staan. De heldere behandeling van de *etymologia proxima* en *remota* (Van Wyk 2007: v-vii) en de uitstalling van het benoemingsmotief van de woorden, dat wil zeggen de beschrijving van het waarom een woord genoemd is zoals het genoemd wordt, waren vanaf de eerste druk fraaie kenmerken die ook in het *Supplement* behouden bleven (Moerdijk 2004: 137-157).

En ook in het *Supplement* staat weer niet ieder woord dat een verklaring verdient. Willem Botha en ik waren het er beiden over eens dat de emotionele woordenschat internationaal lang uitgesloten bleef van een wetenschappelijke beschrijving in de naslagwerken van de standaardtaal. En Willem wilde daar in *EWA* systematisch verandering in aanbrengen. Over dat onderwerp discussieerden we niet alleen tijdens het congres van 1994, maar ook verschillende keren erna. We waren het er beiden over eens dat je taal niet kunt definiëren zonder te verwijzen naar de menselijke emotie en motivatie. Taal vertegenwoordigt in een ademloze climax ook de kennis van zijn sprekers over de pragmatiek, beleefdheid, het figuurlijk en vulgair taalgebruik, over scheldwoorden, seksueel taalgebruik, humor, verbale vergissingen en woede. Emotaal is uniek omdat zij een emotionele intensiteit geeft aan taal wat andere woorden ondanks hun schittering van klanken niet kunnen. De unieke functie van emowoorden is dat zij vaak op adembenemende wijze informatie bieden over gevoelens en emotionele stemmingen van de spreker. De taalkunde en de lexicoloog in het bijzonder moeten zich laten uitdagen de rol die emowoorden spelen te verklaren en beschrijven; zeker in wetenschappelijke woordenboeken. We moeten af van de gedachte dat er lelijke en vieze woorden zijn. Er zijn alleen concepten in onze hoofden die we als vies, lelijk, vulgair enzovoorts beschouwen en daardoor worden woorden die we gebruiken om naar die concepten te verwijzen ook beschouwd als vies en vunzig (Van Sterkenburg 2011: 19).

Gelukkig heeft *EWA* al diverse trefwoorden uit de emotionele woordenschat de toegang niet ontzegd omdat de projectleiders de moed hadden om te beschrijven wat in de taalgemeenschap leeft. Als voorbeeld noem ik *takhaar*, *lunsriem* en *korrelkop*. Begrijpelijkerwijze is dat niet uitpuittend gedaan gezien de gebruikersgroep waarop *EWA* zich richt. Maar als ooit het grote wetenschappelijk lexicologisch model gerealiseerd wordt dat Willem Botha voor ogen stond toen hij de leiding over *EWA* kreeg, wordt van een wetenschappelijk product verwacht dat het uitpuittend de beschrijving ter hand neemt van alles wat in de

taalgemeenschap leeft. Ook van het taboe en dat is veel, heel veel, zoals blijkt als je een vragenlijst over vloeken, schelden, verwensen bij een breed publiek uitzet.

kograwe. Hierdie getal het egter gegroei met die vestiging van vakterminologiesdienste en taalburowe by verskeie staatsdepartemente en universiteite,³ wat aanleiding gegee het tot die publikasie van die indrukwekkende versameling vakwoordeboeke en -woordelyste wat Carstens (2018) hier bo rapporteer. In sy opgawe van die leksikografiese behoeftes van Afrikaans, meld Ponelis (1996: 30-31) egter dat Afrikaanse standaardwoordeboeke en skoolwoordeboeke op deelytde basis deur akademië bewerk word wat nie oor die tyd en hulpbronne beskik om deeglike empiriese leksikografie te beoefen nie. Ponelis (1996: 31) meld ook dat skoolwoordeboeke gebaseer is op "the obsolete lexicographic examples of their more extensive counterparts" (m.a.w. standaardwoordeboeke). Die vraag kan dus tereg gestel word in welke mate die Afrikaanse standaard- en skoolwoordeboekleksikografie ten tye van Ponelis se verslag geprofessionaliseer was. Hierop sal toekomstige navorsing 'n antwoord kan bied.

Drie jaar voor Ponelis (1996) se verslag verskyn die eerste Afrikaanse leksikografiese produk by Oxford University Press (OUP) in die vorm van *Die Oxford Kortspelgids* (Coetser 1993). Ponelis (1994: 301) sluit sy resensie van dié werk soos volg af:

Hiermee het Oxford University Press, wat een van die vernaamste woordeboekbedrywe ter wêreld huisves, sy kleintoontjie in die waters van die Afrikaanse leksikografie natgemaak. Kan dit die begin van groter dinge wees?

Die antwoord op Ponelis se vraag begin vorm aanneem in die vroeë 2000's, toe OUPSA begin met 'n ambisieuse plan om fokus te verskuif en benewens Engelse eentalige woordeboeke ook tweetalige woordeboeke uit te gee. Hiervoor is noodwendig op die insette van eksterne vakkundiges en vryskutleksikograwe gesteun, maar mettertyd is ook 'n spesiale span permanente personeel aangestel. Dit is OUPSA se tweetalige skoolwoordeboeke wat uiteindelik op Ponelis antwoord. Ook die uitgewer Pharos het 'n permanente kernspan leksikograwe in diens.

In die periode 2007–2012 stel Pearson twee voltydse leksikograwe aan om 'n omvattende herbewerking van die vyfde uitgawe van die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (Odendal en Gouws 2005 — voortaan HAT5) te onderneem, ter voorbereiding op die publikasie van HAT6. Die resultaat is "die grootste hersiening sedert die verskyning van die derde uitgawe in 1993" (HAT6: vii). Dus, die feit dat minstens twee leksikograwe *voltyds* aan HAT6 kon werk, het tot gevolg gehad dat die redaksie 'n diepgaande hersiening kon onderneem en veel meer kon deurvoer as tydens die vorige hersienings, wat deur Ponelis (1996: 30) as grootliks kosmeties bekla is. (Vergelyk wel Odendal (2006) vir insig in die samestellings- en hersieningsprosesse tot en met HAT5.)

Dit is duidelik dat die voortgaande professionalisering van die Afrikaanse leksikografie, veral wat uitgewers se indiensneming van voltydse leksikograwe betref, sonder twyfel bygedra het tot die vernuwing wat oor die afgelope twee dekades in die Afrikaanse leksikografie aantoonbaar is.

Die uitgewersbedryf is egter uitgelewer aan dinamiese markkragte, en as

gevolg hiervan is daar 'n redelike omset van professionele Afrikaanse leksikograwe. Botha se befondsingsplan vir die Buro van die WAT het tot gevolg gehad dat die Buro tans die grootste werkgewer van professionele Afrikaanse leksikograwe is. Wanneer die WAT tot by Z voltooi is, blyk dit nie onmoontlik te wees nie dat die komplement leksikografiese personeel by die Buro egter afgeskaal sal word (vgl. Meyer en Botha 2018). Die tyd sal leer of die onlangse en huidige komplement voltyds aangestelde leksikograwe by kommersiële uitgewers en die Buro van die WAT die hoogtepunt in die professionalisering van die Afrikaanse leksikografie verteenwoordig.

Uiteindelik is die vraag of die Afrikaanse leksikografie inderdaad kan, wil en moet geprofessionaliseer word, en indien wel, presies hoe 'n geprofessionaliseerde leksikografie daar sou uitsien. Vergelyk byvoorbeeld Noordegraaf (2007) oor semiprofessionele beroepe, deprofessionalisering en hibriede professionalisme, waarop hier nie verder ingegaan word nie. In hierdie afdeling is die kwessie van professionalisering as 'n aspek van ontwikkeling in die Afrikaanse leksikografie sedert 2000 bloot aan die orde gestel, met die hoop dat verdere navorsing hierdeur gestimuleer sal word.

4. Aspekte van vernuwing in sekondêre en spesifieke leksikografiese prosesse

Hierdie afdeling fokus op sommige ontwerpkenmerke van Afrikaanse standaard- en pedagogiese woordeboeke wat die vooruitgang van die afgelope twee dekades weerspieël. Dit is tydens hierdie periode dat die grootste vernuwing met betrekking tot die tersaaklike kenmerke tot dusver plaasgevind het.

4.1 Korpusleksikografie en lemmaseleksie⁴

Korpusleksikografie is onderliggend aan die meeste aspekte van die onlangse vordering in die leksikografie. Empiriese leksikografie strek natuurlik veel verder terug as hierdie onlangse vooruitgang. Die Buro van die WAT het 'n omvattende versameling van ongeveer vier miljoen indekskaartjies wat met die aanvang van die projek in 1926 van stapel gestuur is. Hierdie kaartjies (wat ook nou gedigitaliseer is) bevat data wat uit boeke, tydskrifte, koerante, ensovoorts geëkskiseer is, maar ook dialektiese gebruike van bepaalde woorde in hulle makrosintaktiese kontekste. Uiteraard sal hierdie versameling nie besonder gunstig teen die moderne norme van verteenwoordigendheid of balans opweeg nie, aangesien hulle hoofsaaklik anekdoties is en dikwels uitsonderlike eerder as prototipiese gebruik verteenwoordig. Die WAT maak egter ook gebruik van ander elektroniese hulpbronne om hierdie data aan te vul (vgl. Meyer en Botha 2018).

Elektroniese korpora wat vinnig en effektief deur middel van kragtige programmatuur ontleed kan word, stel leksikograwe in staat om baie ryker beskrywings van die leksikon te gee as vroeër, toe grootliks op introspeksie staatgemaak is (Granger 2012: 3). De Schryver (2003: 167) is van mening dat "no

serious compiler would undertake a large dictionary project nowadays without one (and preferably several) [korpora] at hand." Daar moet egter in gedagte gehou word dat die hulpmiddels vir die bou, annoteer en ondersoek van Afrikaanse korpora steeds ontwikkel en verfyn word. Die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) (2022) meld byvoorbeeld dat die korpora op sy korpusportaal "outomaties gelemmatiseer (~90% akkuraat) en van woordsoortetikette voorsien [is] (~75% akkuraat)," maar dat "[g]een kwaliteitskontrole toegepas [is] nie." Hierdie soort hulpmiddels is nog redelik onlangse ontwikkelings en hulle effektiwiteit en invloed het nog nie volledig na die Afrikaanse kommersiële leksikografie deurgespoel nie. Hierteenoor beskik die Engelse leksikografie byvoorbeeld reeds vir 'n geruime tyd oor baie gevorderde hulpmiddels: Die eerste groot Engelse woordeboek wat op 'n elektroniese korpus baseer is, is die *Collins Cobuild English Language Dictionary* (Sinclair 1987), die eerste produk van die COBUILD-megakorpusprojek wat in 1980 aan die Universiteit van Birmingham begin is (Landau 2001: 286-287). Dit was eers met die bewerking van HAT5 dat "'n verteenwoordigende, uitgebreide en gebalanseerde elektroniese korpus" in die Afrikaanse verklarende leksikografie gebruik is (Odendal 2006: 288). VAW9 se makrostruktuur is aangevul op grond van woorde se "frekwensietelling in Pharos se elektroniese databanke", en daarom is woorde wat "in hedendaagse koerante, tydskrifte en boeke voor[kom]" gelemmatiseer (VAW9: vii). PAED is die eerste Afrikaanse tweetalige woordeboek waarin gemeld word dat dit "gerugsteun [is] deur omvattende papier- en elektroniese teksbronne" (PAED: vii) (ons kursivering — HLB & PAL).

Al is daar gereedlik toeganklike en relatief gesofistikeerde Afrikaanse korpora wat vir akademiese of niekomersiële leksikografiese gebruik gebou is (bv. VivA se korpusportaal en die Afrikaanse korpora in die *Leipzig Corpora Collection* (2014)), is die mees direkte toepassing van Afrikaanse korpora in die Afrikaanse leksikografie die korpora wat by die verskillende uitgewerye saamgestel en onderhou word. Pharos beskik oor 'n reeks korpora wat uit die groot verskeidenheid mediabronne tot sy beskikking as deel van die Media 24-groep ontwikkel is. OUPSA en Pearson het eerder gefokus op kleiner handboekkorpora. Albei hierdie uitgewers het toegang tot reekse handboeke in Afrikaans wat die meeste vakke in die Suid-Afrikaanse kurrikulum dek. Hierdie korpora vorm die grondslag vir die lemmakeuse vir alle nuwe skoolwoordeboeke en bied ook baie van die kollokasies en voorbeeldsinne wat 'n kenmerk van die nuwe generasie Afrikaanse skoolwoordeboeke is. Handboekkorpora is besonder nuttig vir lemmaseleksie, aangesien hulle tekste spesifiek geskryf is met ouderdomsgepaste taal vir leerders op skool. Waar handboeke wel gekritiseer kan word dat hulle nie altyd op die vlak van die teikenleser geskryf is nie, is dit des te meer belangrik dat dié tekste die basis vir lemmaseleksie vir skoolwoordeboeke vorm. 'n Sorgvuldig bepaalde steekproef en gepaardgaande korpusanalise laat leksikograwe dan ook toe om relevante sleutelwoorde en multiwoordterme uit die taal-vir-spesiale-doeleindes-strata in die skoolkurrikula te identifiseer, op te neem, en van vaktalekwivalente of definisies te voorsien.

Hoewel korpusleksikografie in tale soos Engels reeds verskeie dekades lank

'n ingrypende invloed op die kwaliteit van woordeboeke uitoefen, is dié soort invloed eers sedert die begin van die 21ste eeu in die Afrikaanse leksikografie merkbaar. Veel meer kan dus nog in hierdie opsig van die Afrikaanse leksikografie verwag word.

4.2 Makrostrukturele vernuwing

ANNA verteenwoordig 'n besondere geval van leksikografiese vernuwing as die eerste tweetalige woordeboek met 'n geamalgameerde makrostruktuur, dit wil sê een makrostruktuur wat die lemmatekens van albei behandelde tale bevat. Vergelyk die volgende artikelsubtrajek (ast₁) uit dié woordeboek:

ast₁ **watervliegtuig** nw.[het; mv: -en], **watervliegtuig**
 nw.[mv: *watervliegtuie*]
 A|N (vliegtuig dat op water kan land) **watervliegtuig**
 watervloertjie nw.[mv: -s]
 A (*plankmat*) vlonder
 watervogel nw.[de; mv: -s], **watervoël** nw.[mv: -s]
 A|N (op/bij water levende vogel) **watervoël**
 watervoor nw.[mv: *watervore*]
 A (*watersloot*) sloot
 watervoorraad nw.[mv: *watervoorrade*]
 A (*voorraad bruikbare water*) voorraad (aan) water
 watervoorziening nw.[de; mv: -],
 watervoorsiening nw.[mv: -]
 A|N (*verdeling v. drinkwater*) **watervoorsiening**

In ast₁ is die romein gedrukte lemmatekens **watervliegtuig**, **watervogel** en **watervoorziening** Nederlandse lemmata, terwyl die kursief gedrukte **watervloertjie**, **watervoor** en **watervoorraad** Afrikaanse lemmata is. Hierdie innoverende makrostruktuur hou uiteraard ook implikasies vir die mikrostruktuur in, soos wat uit ast₁ blyk. Hierop word egter nie nou ingegaan nie — vergelyk Gouws (2011, 2016) en Martin (2011) vir verdere bespreking. Die interessante vernuwing wat ANNA bring, is uiteraard beperk tot 'n woordeboek wat twee genealogies nou verwante tale behandel.

4.3 Mikrostrukturele kenmerke

Mikrostrukturele vernuwing is tekenend van die onlangse vooruitgang in die Afrikaanse leksikografie. Die kerneksponente hiervan word vervolgens uitgelig.

4.3.1 Geïntegreerde mikrostrukture in vertalende woordeboeke




Ietwat verrassend en in teenstelling met die heersende internasionale leksikografiese praktyk, vertoon die huidige standaard-vertalende Afrikaans-Engelse woordeboeke nie die tipiese geïntegreerde mikrostrukture nie, dit wil sê mikro-

strukture waarin die vertaalekwivalente en koteksinskrywings van 'n bepaalde betekenisonderskeiding in 'n enkele integraat (hetsy in 'n teksblok of paragraaf) aangebied word voordat die volgende betekenisonderskeiding in 'n aparte integraat verskyn. (Vergelyk Gouws en Prinsloo (2005: 138-142) vir 'n bespreking van mikrostruktuurtypes.) Die volgende woordeboekartikel (wa₁) uit die verkorte standaard-vertalende woordeboek *Pharos Afrikaans–Engels/Engels–Afrikaans Kernwoordeboek/Afrikaans–English/English–Afrikaans Concise Dictionary* (Pheiffer 2007) dien as voorbeeld:

wa₁ **nom-mer** -mers, n. number, figure; size (of a shoe, glove, etc.); gauge; (sport) event; item (on a programme); act, routine, number; number, track (on a CD); issue, copy, number (of a magazine); (derog.: a sex object) bird, chick; 'n ~ **af-/neer-skryf/-skrywe** take (down) a number (of a vehicle, teleph., etc.); 'n ~ 8/ens. **dra** take a size 8/etc. (of shoes etc.); *op iem. se* ~ **druk**, (infml.) call (up) on s.o.; give s.o. a reminder; ~ **een wees** be number one; be top (of the class); *iets is* ~ **een** s.t. must be considered first; s.t. comes first; *op* ~ **nege-en-negentig**, (infml.) at the last minute/moment; **ou/vorige** ~ back number/copy; *die verkeerde* ~ the wrong number; *by die verkeerde* ~ uitkom, (teleph.) get the wrong number.

In hierdie tipe mikrostruktuur is daar geen aantoonbare adresseringstruktuur tussen die lemma en verwante vertaalekwivalente aan die een kant en die koteksinskrywings aan die ander kant nie. Ruimtebeperkings maak nie voorsiening vir 'n volledige uiteensetting van die verskeie gebruikersvriendelikhedsprobleme van hierdie tipe mikrostruktuur en die kritiek daarteen in die literatuur nie (vgl. wel Gouws 2003.) Hierdie konvensie is duidelik die nalatenskap van die eerste relatief omvattende Afrikaanse vertalende woordeboeke, die *Bilingual Dictionary English–Afrikaans* (Bosman, Van der Merwe et al. 1931) en die *Tweetalige Woordeboek Afrikaans–Engels* (Bosman, Van der Merwe et al. 1936). Ongelukkig is hierdie nalatenskap voortgesit in die skoolwoordeboeke wat tot in die eerste dekade van hierdie eeu die mark oorheers het, naamlik die *Skoolwoordeboek/School Dictionary Afrikaans–Engels/English–Afrikaans* (Kromhout et al. 2007) en die *Tweetalige Skoolwoordeboek Afrikaans–Engels/Bilingual School Dictionary Engels–Afrikaans* (Bosman, Van der Merwe en Barnes 2008).

Die verskyning van die eerste Afrikaans–Engelse aanleerderswoordeboek vir volwassenes, *Tweetalige Aanleerderswoordeboek/Bilingual Learner's Dictionary* (Du Plessis 1998) toon 'n duidelike beweging weg van hierdie tradisie deur 'n aansienlik meer gebruikersvriendelike geïntegreerde mikrostruktuur in te span. Vergelyk die volgende woordeboekartikel (wa₂) uit dié woordeboek (p. 201):

wa₂ **skêr**  scissors **Scissors** can't cut through wire. 'n **Skêr** kan nie deur draad sny nie.  pair of scissors *She cut the piece of paper in half with a pair of scissors.* Sy het die stuk papier met 'n **skêr** middeldeur gesny.
 **skêr** selfstandige naamwoord (meervoud **skêre**)

Die verskil tussen die mikrostrukture van wa₁ en wa₂ is onmiskenbaar: In wa₂ word elke betekenisonderskeiding duidelik genommer, en die vertaalekwivalent plus koteksinskrywings wat op 'n bepaalde betekenisonderskeiding betrekking het, word in dieselfde integraat aangebied voordat die volgende betekenisonderskeiding aan die beurt kom.

Hierdie welkome tradisiebreuk is deurgevoer na skoolvlak met die verskyning van die *Oxford Afrikaans–Engels/English–Afrikaans Skoolwoordeboek/School Dictionary* (Louw et al. 2007) en die *Longman-HAT English–Afrikaans/Afrikaans–Engels School Dictionary/Skoolwoordeboek* (Luther 2011 — voortaan Longman-HAT-AE/EA), terwyl Pharos ook sedertdien sy skoolprodukte dienooreenkomstig aangepas het, byvoorbeeld in die *Pharos Tweetalige Skoolwoordeboek/Bilingual School Dictionary* (Smith 2012).

Die nuutste mikrostrukturele innovering in hierdie verband word verteenwoordig deur die Longman-HAT-AE/EA en die *English Dictionary for South Africa* (Smith 2011, voortaan EDSA), uitgegee deur Pharos in samewerking met K Dictionaries. EDSA is die eerste semitweetalige woordeboek met Afrikaans as hoofdoeltaal, en dit maak ook gebruik van 'n geïntegreerde mikrostruktuur aan die Engels–Afrikaans-kant. Vergelyk die volgende artikel (wa₃) uit EDSA (p. 113):

wa₃ **code** [kəʊd] *noun* ❶ a collection of laws or rules: *a code of behaviour*. □ wetboek; (stel gedrags) = reëls, voorskrifte
 ❷ a (secret) system of words, letters, or symbols: *the Morse Code; The message was in code; We have deciphered the enemy's code*. □ kode
 ❸ a system of symbols *etc* for translating one type of language into another: *There are a number of codes for putting English into a form usable by a computer*. □ kode
 ♦ *verb* to put into (secret, computer *etc*) code: *Have you coded the material for the computer?*
 □ kodeer

In wa₃ word definisies in die brontaal gevolg deur doeltaalekwivalente in blou by elke betekenisonderskeiding. In die Longman-HAT-AE/EA geld dieselfde soort mikrostruktuur aan beide kante. Dit is 'n algemene verskynsel in aanleerswoordeboeke in tweetalige markte, veral in Asië. Vergelyk hierteenoor die volgende artikel (wa₄, nie tipografies verteenwoordigend nie) aan die Afrikaans–Engels-kant in EDSA (p. 900):

wa₄ **kode** cipher, code

Wa₄ vertoon 'n eenvoudige mikrostruktuur sonder enige konteks- of koteksinskrywings. Op aspekte van die omkeerbaarheidsbeginsel wat hier ter sprake is (vgl. Gouws 1989: 162-163), word nie uitgebrei nie.

Ten spyte van die mikrostrukturele vernuwing in die EDSA en die Longman-HAT-AE/EA, toon verkoopsyfers (soos dié wat deur Nielsen BookScan

aan woordeboekuitgewers verkoop word) egter dat dit nie 'n suksesvolle benadering in Suid-Afrika was nie.

Dit is dus oor die algemeen in die Afrikaanse tweetalige pedagogiese leksikografie en spesifiek met die skep van skoolwoordeboeke dat die belangrikste vooruitgang in mikrostruktuurtypes bereik is. Tog blyk dit dat sekere vernuwings óf té progressief is vir die Suider-Afrikaanse mark, óf om die een of ander rede nie aan 'n behoefte voldoen nie. Nietemin sou die algemene woordeboekgebruiker goed gedien word as die geïntegreerde mikrostruktuur uiteindelik na die standaard- vertalende leksikografie, waarin primitiewe mikrostrukture steeds figureer, kon deursuur.

In teenstelling met Afrikaanse vertalende woordeboeke, het Afrikaanse verklarende woordeboeke nog altyd polisemiese lemmata in geïntegreerde mikrostrukture behandel. Vergelyk die volgende Woordeboekartikel (was) uit Deel I van die WAT (Schoonees 1950: 31) as bewys:

was **aanstellerig**, b.n. **1.** Vol inbeeldings; ydel, maak—veral om die aandag te trek: *Sy is vreeslik aanstellerig en trek haar neus vir alles op.* **2.** Met 'n neiging om hom te verbeeld dat hy siek is, of om sy kwaal te oordryf; hipochondries: *Hy is maar net aanstellerig en glad nie regtig siek nie.*

Die WAT se voorbeeld is in alle eentalige standaard- en pedagogiese woordeboeke gevolg.

4.3.2 Vernuwings met leksikografiese definisies

Die leksikografiese definisie (of betekenisparafraze — vgl. Gouws en Prinsloo 2005: 143) is gewoonlik die belangrikste tipe leksikografiese datakategorie in 'n verklarende woordeboek. Definisies word ook gebruik in Afrikaanse vertalende woordeboeke: met 'n beperkte omvang in PAED en meer omvangryk in die Longman-HAT-AE/EA en die semitweetalige EDSA waarna hierbo verwys is. Die definisies in hierdie vertalende woordeboeke verskil in vorm en funksie van dié in die eentalig verklarende (skool)woordeboeke (vgl. Beyer 2009). Hierdie afdeling poog om 'n kort oorsig te bied oor die beginsels van definiëring in Afrikaanse verklarende woordeboeke, en in besonder verklarende skoolwoordeboeke.

4.3.2.1 Definiëringswoordeskat

Afrikaanse skoolwoordeboeke bied geen bewyse in hulle bemarkingstekste of voorwerktekste vir die gebruik van definiëringswoordeskatte nie. Dit beteken egter nie dat hierdie woordeboeke nie definisies bevat wat op die een of ander

wyse gereguleer is nie (vgl. Geeraerts 2003, Atkins en Rundell 2008, Svensén 2009); hoogstens suggereer dit dat leksikograwe nie noodwendig van 'n definiëringswoordeskat voorsien is nie. Redakteurs kontroleer definisiestrategieë en -formulerings streng (soos ook in voorwerktekste geïmpliseer word). Hierdie status quo bestaan dalk weens die gebrek, tot dese, aan definiëringswoordeskatte vir Afrikaans (soortgelyk aan die Engelse Oxford 3000). Terwyl sekere probleme, risiko's en nadele van definiëringswoordeskatte uitgewys word deur Rundell (1998), Atkins en Rundell (2008) en Svensén (2009), behoort die ontwikkeling van sodanige woordeskatte vir die Afrikaanse pedagogiese leksikografie steeds as dringende behoefte beskou te word om Afrikaanse woordeboeke op standaard met die heersende leksikografiepraktyk te bring.

4.3.2.2 Volsindefiniesies

Volsindefiniesies kom nie in alle Afrikaanse verklarende skoolwoordeboeke voor nie. Die eerste Afrikaanse woordeboek waarin hierdie tipe definisie verskyn het, was die aanleerderswoordeboek *Basiswoordeboek van Afrikaans* (Gouws, Feinauer en Ponelis 1994). Hierdie woordeboek het nie 'n tweede uitgawe beleef nie en is tans uit druk. Ses jaar later het die *Kernwoordeboek* (Odendal 2000) verskyn, ook met volsindefiniesies. Al word dit nie eksplisiet so gestel nie, dui die titel se betekenis ("kernwoordeskatwoordeboek") en ontwerpkenmerke daarop dat dit heel moontlik 'n skoolwoordeboek vir eerste- en tweedetaal-sprekers van Afrikaans is (Beyer 2005: 4). Die gebruik van volsindefiniesies word as 'n innoverende betekenisbeskrywingstegniek in die bemarkingstekst en inleiding gekarakteriseer, asook in Beyer (2005) se bespreking van dié woordeboek. Interessant genoeg het die *HAT Afrikaanse Skoolwoordeboek* (Luther 2009 — voortaan Skool-HAT), wat volgens die voorwerk op die *Kernwoordeboek* gebaseer is en dit in die mark vervang het, teruggekeer na die tradisionele frasedefinisieformaat. Die nuutste toevoeging tot die Afrikaanse verklarende skoolwoordeboekspektrum, die *Oxford Afrikaanse Skoolwoordeboek* (Louw 2012), waarin melding gemaak word dat dit op moderne navorsing geskoei en dus van nuuts af ontwerp is vir eerste- en tweedetaalleerders van Afrikaans tussen die ouderdomme 10 en 15 (grade 4 tot 9), het ook frasedefinisies as hoofdefinisietipe.

Atkins en Rundell (2008: 442-443) bied moontlike redes aan waarom volsindefiniesies nie universeel gebruik word nie, met die mees toepaslike rede vir Afrikaans die gebrek aan ruimte in gedrukte woordeboeke. Die huidige denkrigting in Afrikaanse verklarende skoolwoordeboeke blyk te wees die beperking van die makrostruktuur en 'n behoud van tradisionele tipes definiesies om plek te maak vir voorbeeldsinne. Sinclair (2007: 46) bevind (met verwysing na die volgorde van betekenisonderskeidings) dat "[t]here may be a conflict between the commercial side of lexicography and the linguistic", en dat uitgewers sal voortgaan om aan gebruikers se behoeftes te voldoen eerder as om linguisties (en selfs metaleksikografies) heeltemal korrek te wees. Gegewe dat

uitgewers nie graag hulle gebruikersnavorsing publiseer nie, moet aanvaar word dat voldoende motivering bestaan vir die behoud van tradisionele definiëringstrategieë ten koste van volsindefinisies. Woordeboeke se bekostigbaarheid kan ook beskou word as die voldoening aan 'n geldige behoefte in 'n gebruikersgedrewe (meta)leksikografie.

Afrikaanse leksikograwe het ná *Kernwoordeboek* nie dadelik die idee van volsindefinisies verwerp nie: Dit is gebruik in die *Nuwe Woordeboek Sonder Grense* (Gouws, Stark en Gouws 2004), 'n skoolwoordeboek wat die teikengroep duidelik as Afrikaanse taalleerders tussen die ouderdomme van 10 en 12 jaar (grade 4 tot 6) uitwys. Weer eens het hierdie woordeboek egter nie in die kommersiële werklikheid gedy nie, en 'n beplande nuwe uitgawe het nooit verskyn nie.

Uiteindelik geld Bogaards (2003) se voorvereiste van eksperimentele gebruikersnavorsing meer as ooit indien effektiewer definiëringstegnieke vir Afrikaanse skoolwoordeboeke ontwikkel wil word. Maar, soos die oënskynlik uiteindelige verwerping van volsindefinisies in die huidige konteks bewys, sal vernuwing altyd in ewewig met die behoudendheid van die Afrikaanse woordeboekmark moet plaasvind.

4.3.3 Vernuwing met koteksinskrywings

In hierdie afdeling word die verbreiding van koteksinskrywings en onderskeiding van kollokasies bespreek.

4.3.3.1 Die verbreiding van koteksinskrywings

Tesame met die invoer van geïntegreerde mikrostrukture, is die verbreiding van koteksinskrywings sekerlik dié kenmerkendste én suksesvolste onlangsste vernuwing wat woordeboekstrukture en -inhoud betref. Met die uitsondering van PAED, VAW9, *Skoolwoordeboek/School Dictionary Afrikaans–Engels/English–Afrikaans* (Kromhout et al. 2007) en die *Tweetalige Skoolwoordeboek Afrikaans–Engels/Bilingual School Dictionary Engels–Afrikaans* (Bosman, Van der Merwe en Barnes 2008), is daar nie 'n nuwe Afrikaanse verklarende of vertalende standaard- of skoolwoordeboek wat die afgelope twintig jaar verskyn het waarin elke betekenisonderskeiding nié van minstens een koteksinskrywing voorsien is nie. Laasgenoemde twee woordeboeke is intussen vervang deur die *Pharos Tweetalige Skoolwoordeboek/Bilingual School Dictionary* (Smith 2012), wat ook konsekwent koteksinskrywings aanbied. In die geval van VAW9 moet 'n beperkte koteks-aanbod egter nié noodwendig as verouderde leksikografiepraktyk beskou word nie: Dié woordeboek se gebruikerssosiologie regverdig waarskynlik hierdie stand van sake, en dit skep ruimte vir 'n meer omvattende makrostruktuur.

Rademeyer (1992) verteenwoordig die intensiefste studie oor koteksinskrywings in verklarende woordeboeke tot op hede. Gouws (2000) en Beyer (2011)

het navorsing oor die adresseringstruktuur tussen koteksinskrywings en ver-
taalekwivalente in vertalende woordeboeke onderneem. Meer indringende
navorsing oor vrye voorbeelde in veral skoolwoordeboeke ontbreek egter
steeds.

4.3.3.2 Die onderskeiding van kollokasies

In die koteksafdelings van die primitiewe mikrostrukture in PAED (soos in wa₁
hier bo) word kollokasies en vaste uitdrukkings sonder onderskeid (d.w.s. sonder
die aanwending van tipografiese of nietipografiese struktuurmerkers) naas
mekaar geplaas. Tot en met HAT5 word voorbeelde en kollokasies ook nie van
mekaar onderskei nie, al word vaste uitdrukkings tog in aparte en duidelik afge-
bakende afdelings binne woordeboekartikels geplaas. Hierteenoor fokus VAW9
veel meer op die aanbod van kollokasies en vaste uitdrukkings en bied dus
veel minder vrye voorbeelde as HAT6. In die koteksafdelings word egter geen
tipografiese onderskeid getref tussen kollokasies en vaste uitdrukkings nie.
Innovering in hierdie verband is ingevoer in ten minste een van die moderne
skoolwoordeboeke, naamlik Skool-HAT, waarin vrye voorbeelde, kollokasies
en vaste uitdrukkings almal in aparte afdelings van die woordeboekartikels aan-
gebied en duidelik deur middel van nietipografiese merkers onderskei word.
Kollokasies is ook behandelde eenhede in eie reg en word van definisies (waar
hulle nie semanties deursigtig is nie) en voorbeelde voorsien om hulle gebruik te
illustreer. Vergelyk die volgende woordeboekartikel (wa₆) uit Skool-HAT (p. 572):

wa₆ **tromp-op** *bw.* [~] direk; regstreeks: *iemand*
trompop van iets beskuldig. | **iem. trompop**
loop *iemand direk konfronteer.* | **'n trompop**
botsing *'n botsing reg van voor: Die motors*
het trompop teen mekaar gebots.

In wa₆ word die kollokasies *trompop loop* en *trompop botsing* vetgedruk en deur
'n identifiserende vertikale streep voorafgegaan. Semantiese en kotekskom-
mentaar word bygevoeg. (Die koteksinskrywing *Die motors het trompop teen*
mekaar gebots as klaarblyklike illustrasie van die kollokasie *'n trompop botsing*
kan wel bevraagteken word.) Ongelukkig word hierdie vernuwing onsistematies
in Skool-HAT ingevoer. In talle woordeboekartikels waar die aanbod van
kollokasies verwag sou word, is daar geen sodanige aanbod nie; vergelyk die
woordeboekartikels van **aandag** (sonder *aandag skenk aan, die aandag vestig op,*
die aandag aflei), **verbeter** (sonder *verbeter op*) en **vuur** (waarin *vuur blus* en *vuur*
maak as vrye voorbeelde in plaas van kollokasies gemerk is), om maar enkele
gevalle uit te lig.

Uiteindelik volg HAT6 die voorbeeld van Skool-HAT en onderskei ook
deur middel van struktuurmerkers tussen gewone voorbeelde en kollokasies,
en wel meer sistematies en (uiteraard) meer uitgebreid as Skool-HAT, waar-

skynlik danksy die effektiewer benutting van elektroniese korpora.

Dit is duidelik dat die behandeling van kollokasies oor die algemeen steeds 'n relatief onderontwikkelde element in Afrikaanse woordeboeke is, iets wat ietwat teleurstellend is as in ag geneem word hoeveel literatuur reeds hieroor bestaan: Vergelyk onder meer Gouws (1989: 227-228), Otto (1989, 2013), Lombard (1992), Rademeyer (1992: 14-25) en Van Niekerk (1992).

4.3.4 Vernuwning met grammatikale inligting

Volgens Atkins en Rundell (2008) kan grammatikale data in drie inskrywings-tipes in woordeboekartikels enkodeer word, naamlik (1) die tradisionele aanduiders van leksikale kategorie, (2) tradisionele grammatikale etikette, en (3) konstruksieaanduiders. Konstruksieaanduiders dui op wat beskou word as die lemma se "'syntactic valency', i.e. all the constructions which a speaker of the language must know in order to use the word flexibly and fluently" (Atkins en Rundell 2008: 219-220). Skool-HAT is tans die enigste Afrikaanse woordeboek wat konstruksieaanduiders as gidselemente vir verskillende betekenisonderskeidings benut. Vergelyk in hierdie verband die artikel vir die lemma **brei**² (wa₇) in hierdie woordeboek, waarin die konstruksieaanduiders *iets brei*, *iem. brei* en *gebrei word* die verskillende betekenisonderskeidings inlei:

wa₇ **brei**² ww. [het ge~] **1** iets brei iets bewerk tot dit sag is: *velle brei* ◦ *klei brei*. **2** iem. brei iemand afrig: 'n *rugbyspan brei*. **3** gebrei word (deur swaarkry) taai gemaak word: *Die lewe in die veld het die kinders gebrei*.

Afrikaanse skoolwoordeboeke benut ook buitetekste om bykomende grammatikale inligting aan te bied, waaronder (a) ingevoegde tekste met kommentaar oor grammatikale aspekte van die lemma wat direk op die betrokke artikel volg, (b) buitetekste in die voor-, middel-, of agterwerk wat byvoorbeeld woordsoorte behandel, soos in die *Oxford Afrikaanse Skoolwoordeboek* (Louw 2012), of (c) volledige minigrammatikas wat tot die helfte van 'n volledige woordeboek kan beslaan, soos in die *HAT-Longman Afrikaans Dictionary and Grammar for English Speakers* (Luther, McLachlan en Barnby 2011).

Die gebruik van konstruksieaanduiders in artikels asook buitetekste om grammatikale inligting aan te bied, is baie onlangse ontwikkelings in die Afrikaanse pedagogiese leksikografie. Veral skoolwoordeboeke het hierdie vooruitgang gedryf.

5. E-leksikografie

Selfs 'n blote oorsig van onlangse leksikografiese ontwikkeling en vernuwning

(soos in hierdie bydrae) mag nie die elektroniese medium ignoreer nie. Daarom word hier kortliks opmerkings oor die Afrikaanse e-leksikografie aangebied.

5.1 Die huidige stand van die Afrikaanse e-leksikografie

Die Afrikaanse woordeboekmark is op vele terreine steeds agter Westerse lande, en die verste só in die e-leksikografie.

Aan die tegniese woordeboekskeppingskant is daar egter groot vordering met die modernisering van woordeboekproduksiestelsels. Al die kommersiële uitgewers gebruik gevorderde korpussagteware om hulle korpora te bou en analiseer. Hulle gebruik ook moderne woordeboekskeppingsagteware wat datauitsette in veelvuldige formate (insluitende XML) lewer.

Aan die gebruikerskant blyk die vordering stadiger te wees, maar dit is nie noodwendig 'n slegte uitkoms nie. Stadiger as verwagte digitale transformasie van die Suider-Afrikaanse woordeboekmark het aan kommersiële uitgewers in Suid-Afrika tyd en ruimte gebied om die verskillende sakemodelle wat Europese en Amerikaanse uitgewers volg, waar te neem. Tans is daar 'n taamlike verskil in die benaderings deur verskillende uitgewers in Suid-Afrika. Pharos het 'n aanlyn biblioteek van Afrikaanse verklarende en vertalende woordeboeke gebou, wat in verskillende pakkette aan individuele of institusionele verbruikers verkoop word. Pearson het 'n soortgelyke produkaanbod gehad wat HAT6 en verwante skoolwoordeboeke insluit, maar die toekoms daarvan is tans onseker aangesien die subskripsiemark aan die kwyn is — 'n teken dat hierdie sakemodel (wat wêreldwyd uitgefaseer word) dalk nie lank sal oorleef nie. Een interessante variasie van hierdie sakemodel word aangebied deur 'n nietradisionele teenstander van die kommersiële uitgewers, naamlik Viva, wat 'n mengsel van gratis en subskripsiewoordeboeke (insluitende HAT6 en die WAT via toepassingsprogrammeringskoppelvlakke van die oorspronklike webbladsye af) aanbied. Die tyd sal leer of hierdie aggregatormodel dalk langer sal oorleef.

OUP het egter besluit om 'n heel ander rigting in te slaan en op twee ander moontlike digitale sakemodelle te fokus. Eerstens word daar deur die Oxford Global Languages-program die gebruik van Afrikaanse woordeboekdata aan 'n wye verskeidenheid tegnologiese maatskappye gelisensieer — Facebook was een van die eerste kliënte. Tweedens word daar tans geëksperimenteer met die inbedding van woordeboekdata in leerplatforms en -sagteware, sodat opwipsoektogte verbind kan word met woordeboekdata wat die leerders se spesifieke ouderdomme en vaardighede in ag neem. 'n Proeflopie met Engelse data is reeds onlangs suksesvol met die leesplatform *Oxford Reading Safari* voltrek. Die volgende stap in OUP se Suid-Afrikaanse mark sal wees om verklarende en vertalende woordeboekdata met die innoverende en omvattende *Eduzone*-leerplatform te integreer; die verkenningswerk daarvoor het reeds begin.

Bykomend tot inisiatiewe deur kommersiële uitgewers, het die Buro van die WAT ook 'n proses van modernisering en rekenarisering ondergaan (vgl.

bv. Hartevelt 1994), wat voltooi is met die implementering van databasistipe woordeboekskeppingsagteware en die produksie van 'n volledige aanlyn TSD(taal-vir-spesifieke-doeleindes)-weergawe van die WAT, hoewel helaas agter 'n betaalskerm. Die breë publiek kan toegang kry via die Buro van die WAT se eie webtuiste of inteken via VivA, maar dit is ook beskikbaar op die netwerke van verskeie Suid-Afrikaanse universiteite. Die gedrukte WAT het by Deel XVI (artikeltrajek S) geëindig (Meyer en Botha 2018).

5.2 'n Blik op die toekoms van die kommersiële e-leksikografie

Die verwagting is dat institusionele e-handel met universiteite of skole (soos in Pharos se geval) veel meer winsgewend as individuele verkope van e-produkte sal word. Soos die onderwysowerhede in Suid-Afrika en Namibië hulle digitaliseringsinisiatiewe verder uitbrei, sal dit ook interessant wees om te sien wat die implikasies vir woordeboeke gaan wees. Die groot vraag wat met net die verloop van tyd beantwoord kan word, is of woordeboeke enigsins nog as afsonderlike produkte (selfs as deel van 'n subskripsiepakket) sal bly bestaan. Toenemend wil dit voorkom asof onderwysowerhede se verwagtings verskuif: Woordeboeke moet ingebed word by die internet- of intrawebleerplatforms waartoe skole toegang het, sodat leerders via opwipsoektogte toegang tot verklarende of vertalende woordeboekdata kan kry as daar woorde in die leer-materiaal (handboeke, leesboeke, ens.) op die platform voorkom wat hulle nie verstaan nie. Hoewel dit uiteindelik die einde van woordeboekverkope kan beteken, sal dit woordeboeke as "moet hê"-elemente van die platform vestig, en die woordeboekontwikkelingskoste kan dan deur die verkope van die platform of die leer-materiaal gekruissubsideer word. Afrikaansmediumonderrig (hetsy in staats- of private verband) bly egter dan 'n voorvereiste vir Afrikaanse woordeboekontwikkeling — en die toekoms daarvan is geen uitgemaakte saak nie.

Tog is daar ook, soos genoem in die bespreking van OUP se aktiwiteite hier bo, ander moontlike digitale verkoopsroetes. Datalisensieringhandel met maatskappye soos Amazon, Google, Apple, Microsoft en ander om Afrikaanse woordeboekinhoud as ingebedde produkte (bv. in e-lesers soos Kindle of in ander sagtewarepakkette) of as suiwer datastelle vir ander leksikale doeleindes aan te bied, is snel besig om 'n winsgewende bedryf te word. OUP ondervind ook nou 'n groot sprong in die aanvraag na woordeboekdatastelle vir nieleksikale doeleindes, soos die verfyning van virtuele sleutelborde.

Hoewel Afrikaanse woordeboeke as unieke artefakte uiteindelik dalk nie die stadige maar onafwendbare globale digitale transformasie sal oorleef nie, is daar duidelike bewyse dat veelsydige woordeboekdatastelle die toekoms van leksikale data (en die leksikograwe wat daaraan werk) in die lang termyn sal beveilig. Vergelyk in hierdie verband Tarp (2019: 231) oor die gebruik van leksikale data waardeur leksikograwe se "own work is increasingly presented in forms different from the traditional dictionary."

5.3 Gemeenskapsleksikografie

Aanlyn tegnologieë het aanleiding gegee tot aanlyn gemeenskapsleksikografie, byvoorbeeld die Afrikaanse *Wiktionary*. Hierdie stand van sake open 'n nuwe dimensie, wat in die diskoers oor die toekoms van die professionalisering en kommersialisering van die Afrikaanse leksikografie verreken moet word. Weens beperkte ruimte word hier egter nie op dié aspek ingegaan nie.

6. Ontwikkeling van die Afrikaanse vakleksikografie

Hoewel die voorgaande bespreking verslag doen van beduidende ontwikkelinge met betrekking tot die algemene en pedagogiese leksikografie, skyn daar agteruitgang in die vakleksikografie te wees. Afrikaans het 'n baie ryk geskiedenis van tweetalige terminologielyste, saamgestel deur die Nasionale Terminologiediens onder die vorige bedeling waar Afrikaans 'n meer bevoorregte status gehad het (vgl. Alberts 2010 en afdeling 2). Ongelukkig is hierdie terminologielyste nie in stand gehou of bygewerk nie. Daar is egter resente tekens van herlewing: Pharos het 'n beperkte aantal taal-vir-spesifieke-doeleindes-woordeboeke (TSD-woordeboeke) onder hulle aanlyn aanbod; Protea Boekhuis het 'n rekenaarwoordeboek uitgegee; VivA bied 'n aanlyn tuiste vir heelwat ou woordelyste; en Juta is leksikografies aktief in 'n beperkte aantal domeine. Vergelyk ook Alberts (2017) oor die rol van Prolingua in Afrikaanse terminologie-ontwikkeling.

Een area wat kommer wek, is die gebrek aan TSD-woordeboeke met 'n skolefokus. Tans is die enigste Afrikaanse eksponente 'n aantal veeltalige woordeboeke, in besonder die *Longman Multilingual Science Dictionary for South African Schools* (Deyi, Mzi en Ngcoza 2007), die *Longman Multilingual Maths Dictionary* (Deyi, Minshall en Tokwe 2008) — albei gemik op leerders in die senior primêre en junior sekondêre fases) — en die *Oxford Mathematics Dictionary Grades 10–12* (Tapson, Van der Vlugt en Potgieter 2013). In 'n land wat sukkel met swak prestasievlakke in Wiskunde en Wetenskap en waar taal 'n beduidende struikelblok in die onderwysstelsel is, is die ondersteuning wat twee- en veeltalige vakspesifieke hulpbronne kan bied van kardinale belang, veral vir jonger leerders.

7. Gevolgtrekking

Ten spyte van die ryk geskiedenis van en vooruitgang in die afgelope jare in die Afrikaanse leksikografie, moet erken word dat dit nie op gelyke stand met die ontwikkeling van die leksikografie in die Westerse wêreld, in besonder met betrekking tot elektroniese ontwikkeling en die lisensiëring van data is nie. Om op die vaste grondslag van die innoverende praktyk geskoei op moderne meta-leksikografiese beginsels voort te kan bou, sal Afrikaanse leksikograwe moet

let op die struikelblokke wat hulle Europese eweknieë in die onvoorspelbare digitale landskap moes omseil. Vir die kommersiële leksikograwe bied die relatief stabiele verkope in die hoofsaaklik papiergebaseerde onderwysstelsels in Suid-Afrika en Namibië vir die afsienbare toekoms steeds 'n buffer teen ontwikkelingskoste benodig om effektief tot die digitale ruimte toe te tree. Tot dan behoort empiriese gebruiker- en gebruiksnavoring, asook woordeboekpedagogiek enige verdere innoerings wat 'n kommersiële voordeel kan bewerkstellig, te lei.

Eindnote

1. Baie van hierdie bronne is egter erg verouderd, vergelyk afdeling 6.
2. Hierdie afdeling wil geensins voorgee om 'n volledige of volledig akkurate beeld van die professionalisering van die Afrikaanse leksikografie te bied nie. Die hoop is dat die onderhawige opmerkings wel hierdie onderwerp aan die orde stel en verdere navorsing daarvoor sal stimuleer.
3. Die Xhosa-woordeboekprojek (in 1968 aan die Universiteit van Fort Hare begin), die Dictionary Unit of South African English (in 1969 aan Rhodes Universiteit gestig) en die ander nasionale leksikografie-eenhede wat sedert 1994 gestig is, word nie negeer nie. Hulle het ongetwyfeld bygedra tot die professionalisering van die breër Suid-Afrikaanse leksikografie (waarby die Afrikaanse leksikografie uiteraard ingesluit is).
4. Kommentaar oor die stand van die Afrikaanse korpuslinguistiek val buite die bestek van hierdie bydrae. In hierdie afdeling word slegs aandag geskenk aan die benutting van korpora vir standaard- en skoolwoordeboeke.

Verwysings

Woordeboeke

- Bennett, J. en N. Tsoeu.** 2010. *Multilingual Illustrated Dictionary*. Kaapstad: Pharos.
- Bosman, D.B., I.W. van der Merwe et al.** 1931. *Bilingual Dictionary English–Afrikaans*. Kaapstad/Bloemfontein/Port Elizabeth: Nasionale Pers.
- Bosman, D.B., I.W. van der Merwe et al.** 1936. *Tweetalige Woordeboek Afrikaans–Engels*. Kaapstad/Bloemfontein/Port Elizabeth: Nasionale Pers.
- Bosman, D.B., I.W. van der Merwe en A.S.V Barnes.** 2008. *Tweetalige Skoolwoordeboek Afrikaans–Engels/Bilingual School Dictionary Engels–Afrikaans*. Twaalfde uitgawe. Kaapstad: Pharos.
- Coetser, A.S.** 1993. *Die Afrikaanse Kortspelgids*. Kaapstad: Oxford University Press.
- Deyi, S., S. Minshall en T. Tokwe.** 2008. *Longman Multilingual Maths Dictionary for South African Schools*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.
- Deyi, S., M. Mzi en K. Ngcoza.** 2007. *Longman Multilingual Science Dictionary for South African Schools*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.
- Du Plessis, M.** 1998. *Tweetalige Aanleerderswoordeboek/Bilingual Learner's Dictionary*. Kaapstad: Pharos.

- Du Plessis, M. (Red.).** 2005. *Pharos Afrikaans–Engels/Engels–Afrikaans Woordeboek/Afrikaans–English/English–Afrikaans Dictionary*. Kaapstad: Pharos.
- Gouws, R., I. Feinauer en F. Poneis.** 1994. *Basiswoordeboek van Afrikaans*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Gouws, R., M. Stark en L. Gouws.** 2004. *Nuwe Woordeboek Sonder Grense*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.
- Kotzé, E.** 2016. *Afrikaans–Japannese Woordeboek*. Tokio: Research Institute for Languages and Cultures of Asia and Africa (ILCAA), Tokyo University of Foreign Studies.
- Kromhout, J. et al. (Reds.).** 2007. *Skoolwoordeboek/School Dictionary Afrikaans–Engels/English–Afrikaans*. 35ste uitgawe. Kaapstad: Pharos.
- Labuschagne, F.J. en L.C. Eksteen.** 2010. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. Negende hersiene uitgawe. Kaapstad: Pharos.
- Louw, P.A. et al. (Reds.).** 2007. *Oxford Afrikaans–Engels/English–Afrikaans Skoolwoordeboek/School Dictionary*. Kaapstad: Oxford University Press Southern Africa.
- Louw, P.A. (Red.).** 2012. *Oxford Afrikaanse Skoolwoordeboek*. Kaapstad: Oxford University Press Southern Africa.
- Luther, J. et al. (Reds.).** 2009. *HAT Afrikaanse Skoolwoordeboek*. Kaapstad: Pearson Education South Africa.
- Luther, J. (Red.).** 2011. *Longman-HAT English–Afrikaans/Afrikaans–Engels School Dictionary/Skoolwoordeboek*. Kaapstad: Pearson Education South Africa.
- Luther, J., T. McLachlan en A. Barnby (Reds.).** 2011. *HAT-Longman Afrikaans Dictionary and Grammar for English Speakers*. Kaapstad: Pearson Education South Africa.
- Luther, J., F. Pheiffer en R.H. Gouws (Reds.).** 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Sesde uitgawe. Kaapstad: Pearson.
- Martin, W. (Hoofred.).** 2011. *Pharos Groot Woordeboek Afrikaans en Nederlands*. Kaapstad: Pharos.
- Ondal, F.F.** 2000. *Kernwoordeboek*. Midrand: Perskor.
- Ondal, F.F. en R.H. Gouws (Reds.).** 2005. *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Vyfde uitgawe. Kaapstad: Pearson Education South Africa.
- Pheiffer, F. (Red.).** 2007. *Pharos Afrikaans–Engels/Engels–Afrikaans Kernwoordeboek/Afrikaans–English/English–Afrikaans Concise Dictionary*. Kaapstad: Pharos.
- Schoonees, P.C.** 1950. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Eerste Deel A–C*. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Sinclair, J. et al. (Reds.).** 1987. *Collins Cobuild English Language Dictionary*. London: HarperCollins.
- Smith, W. (Red.).** 2011. *English Dictionary for South Africa*. Kaapstad: Pharos.
- Smith, W. (Red.).** 2012. *Pharos Tweetalige Skoolwoordeboek/Bilingual School Dictionary*. Kaapstad: Pharos.
- Tapson, F., J. van der Vlugt en R. Potgieter.** 2013. *Oxford Mathematics Dictionary Grades 10–12*. Kaapstad: Oxford University Press Southern Africa.

Ander bronne

- Alberts, M.** 2010. National Language and Terminology Policies — A South African Perspective. *Lexikos* 20: 599-620.
- Alberts, M.** 2017. Prolingua se bydrae tot terminologieontwikkeling in Afrikaans. *Lexikos* 27: 16-49.
- Alberts, M. en M. Jooste.** 1998. Lexicography, Terminography and Copyright. *Lexikos* 8: 122-139.

- Atkins, B.T.S. en M. Rundell.** 2008. *The Oxford Guide to Practical Lexicography*. Oxford/New York: Oxford University Press.
- Beyer, H.L.** 2005. Standaardwoordeboek en kernwoordeboek: 'n Vergelykende evaluering. *Lexikos* 15: 1-37.
- Beyer, H.L.** 2009. 'n Teoretiese basis vir kontekstualisering in tweetalige woordeboeke. *Lexikos* 19: 1-22.
- Beyer, H.L.** 2011. Voorbeelde en ooraadsering in tweetalige woordeboeke. *Lexikos* 21: 78-94.
- Beyer, H.L.** 2014. SchoolLex. Aanbieding tydens sessie 2: "Lexicographic Teaching and Teaching of Dictionary Use". 19de internasionale kongres van die African Association for Lexicography, Potchefstroom, Suid-Afrika, 30 Junie–3 Julie 2014.
- Bogaards, P.** 2003. Uses and Users of Dictionaries. Van Sterkenburg, P. (Red.). 2003. *A Practical Guide to Lexicography*: 26-33. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Botha, W., P. Mavoungou en D. Nkomo (Reds.).** 2013. *Festschrift Rufus H. Gouws*. Stellenbosch: SUN MeDIA.
- Callaghan, J.** 2014. Professions and Professionalization. Teo T. (Red.). 2014. *Encyclopedia of Critical Psychology*. New York: Springer. (https://doi.org/10.1007/978-1-4614-5583-7_239) 4 Junie 2022.
- Carstens, W.A.M.** 2018. *Norme vir Afrikaans: Moderne Standaardafrikaans*. Sesde uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- De Schryver, G.-M.** 2003. Lexicographers' Dreams in the Electronic-dictionary age. *International Journal of Lexicography* 16(2): 143-199.
- Geeraerts, D.** 2003. Meaning and Definition. Van Sterkenburg, P. (Red.). 2003. *A Practical Guide to Lexicography*: 83-93. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Gouws, R.H.** 1989. *Leksikografie*. Pretoria/Kaapstad: Academica.
- Gouws, R.H.** 1996. A Sequence for Meeting Lexicographic Needs. Mitchell, R. (Red.). 1996. *Lexicography as a Financial Asset in a Multilingual South Africa. Seminar held at the Bureau of the WAT, University of Stellenbosch, 12 April 1996*: 97-110. Language Planning Report No. 5.3. Pretoria: Department of Arts, Culture, Science and Technology.
- Gouws, R.H.** 2000. Doeltaalgerigheid teenoor lemmagerigheid in vertalende woordeboeke. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 40(1): 39-47.
- Gouws, R.H.** 2001. Lexicographic Training: Approaches and Topics. Emejulu, J.D. (Red.). *Elements de Lexicographie Gabonaise. Tome I*: 58-94. New York: Jimacs-Hillman.
- Gouws, R.H.** 2003. Types of Articles, their Structure and Different Types of Lemmata. Van Sterkenburg, P. (Red.). 2003. *A Practical Guide to Lexicography*: 34-43. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Gouws, R.H.** 2011. ANNA: 'n Nuwe leksikografiese benadering met nuwe strukture vir ou funksies en gevestigde gebruikers. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 18(2): 3-13.
- Gouws, R.H.** 2013. Aspects of Afrikaans Lexicography. Gouws, R.H., U. Heid, W. Schweickard and H.E. Wiegand (Eds.). 2013. *Dictionaries: An International Encyclopedia of Lexicography, Supplementary Volume: Recent Developments with Focus on Electronic and Computational Lexicography*: 827-835. Berlyn/New York: De Gruyter Mouton.
- Gouws, R.H.** 2016. Oor ANNA en ander andershede in die Afrikaanse leksikografie. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 23(1): 58-80.
- Gouws, R.H. en F.A. Poneis.** 1992. The Development of Afrikaans and the Lexicographical Tradition. Zgusta, L. (Red.). *History, Languages and Lexicographers*: 77-104. Tübingen: Max Niemeyer.

- Gouws, R.H. en D.J. Prinsloo.** 2005. *Principles and Practice of South African Lexicography*. Stellenbosch: SUN MeDIA.
- Granger, S.** 2012. Introduction: Electronic Lexicography — From Challenge to Opportunity. Granger, S. en M. Paquot (Reds.). 2012. *Electronic Lexicography*: 1-11. Oxford: Oxford University Press.
- Harteveld, P.** 1994. *Die invloed van rekenarisering op die leksikografiese praktyk in die Buro van die WAT*. Ongepubliseerde M.A.-tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Landau, S.I.** 2001. *Dictionaries. The Art and Craft of Lexicography*. Tweede uitgawe. Cambridge: Cambridge University Press.
- Leipzig Corpora Collection.* 2014. (<https://korpora.uni-leipzig.de>) 4 Junie 2022.
- Lombard, F.J.** 1992. Voorbeeldmateriaal in woordeboeke. *Lexikos* 2: 148-164.
- Martin, W.** 2011. ANNA: Een WOORDENBOEK met een NAAM (en wat er ACHTER steekt). *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 18(2): 14-27.
- Meyer, N. en W. Botha.** 2018. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal: Tienjaarplan vir die voltooiing van die WAT*. *LitNet*. (<https://www.litnet.co.za/woordeboek-van-die-afrikaanse-taal-tienjaarplan-vir-die-voltooiing-van-die-wat/>) 6 Junie 2022.
- Noordegraaf, M.** 2007. From "Pure" to "Hybrid" Professionalism. Present-Day Professionalism in Ambiguous Public Domains. *Administration & Society* 39(6): 761-785.
- Odendaal, G.** 2016a. Die rol van die US se Departement Afrikaans en Nederlands in die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie: Die Nederlands-Afrikaans-stryd gedurende die aanvangsjare. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(1): 257-276.
- Odendaal, G.** 2016b. Die rol van die US se Departement Afrikaans en Nederlands in die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografie onder Nederlandse invloed: Verklarende standaardwoordeboeke. *Lexikos* 26: 193-219.
- Odendal, F.F.** 2006. HAT veertig jaar — 'n persoonlike oorsig. *Lexikos* 16: 280-289.
- Otto, A.N.** 1989. *Kriteria vir 'n Afrikaanse aanleerderwoordeboek*. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Otto, A.N.** 2013. 'n Kritiese waardering van die hantering van kollokasies en idioome in die *HAT* (2005). Botha, W.F., P. Mavoungou en D. Nkomo (Reds.). 2013. *Festschrift Rufus H. Gouws*: 188-195. Stellenbosch: SUN MeDIA.
- Ponelis, F.** 1994. Resensie van *Die Oxford Kortspelgids* (Coetser 1993). *Lexikos* 4: 301.
- Ponelis, F.** 1996. The Lexicographic Needs of Afrikaans. Mitchell, R. (Red.). 1996. *Lexicography as a Financial Asset in a Multilingual South Africa. Seminar held at the Bureau of the WAT, University of Stellenbosch, 12 April 1996*: 27-35. Language Planning Report No. 5.3. Pretoria: Department of Arts, Culture, Science and Technology.
- Rademeyer, L.** 1992. *Die funksies van verbale voorbeeldmateriaal in eentalige woordeboeke*. Ongepubliseerde M.A.-tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Rundell, M.** 1998. Recent Trends in English Pedagogical Lexicography. *International Journal of Lexicography* 11(4): 315-342.
- Sinclair, J.** 2007. Defining the Definiendum. De Schryver, G.-M. (Red.). 2010. *A Way with Words: Recent Advances in Lexical Theory and Analysis. A Festschrift for Patrick Hanks*: 37-47. Kampala: Menha.
- Svensén, B.** 2009. *A Handbook of Lexicography. The Theory and Practice of Dictionary-making*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Tarp, S.** 2019. Connecting the Dots: Tradition and Disruption in Lexicography. *Lexikos* 29: 224-249.

Van Niekerk, A.E. 1992. Kollokasies: 'n Leksikografiese perspektief. *Lexikos* 2: 254-264.

Van Schalkwyk, D.J. 1996. The Bureau of the WAT. Mitchell, R. (Red.). 1996. *Lexicography as a Financial Asset in a Multilingual South Africa. Seminar held at the Bureau of the WAT, University of Stellenbosch, 12 April 1996: 149-154.* Language Planning Report No. 5.3. Pretoria: Department of Arts, Culture, Science and Technology.

Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA). 2022. *Korpusportaal.* (<http://viva-afrikaans.org>) 4 Junie 2022.

Innoverende toegangsroetes in selfoonwoordeboeke

André H. du Plessis, *Buro van die WAT, Stellenbosch, Suid-Afrika;*
Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch,
Stellenbosch, Suid-Afrika (ahdp@sun.ac.za)

Opsomming: Die toegangstruktuur van enige woordeboek is 'n belangrike struktuur omdat dit vir gebruikers 'n manier gee om die verlangde data te verkry of inligting te onttrek. Hierdie struktuur oorvleuel dikwels met alle ander woordeboekstrukture, hetsy die makro-, mikro- of kruisverwysingstruktuur, en sodoende vorm al hierdie strukture in werklikheid die roetes wat gebruikers volg om sy of haar leksikografiese behoeftes te probeer bevredig. In gedrukte woordeboeke word die toegangstruktuur reeds op die voorblad aangetref, terwyl dit in elektroniese of aanlyn woordeboeke gewoonlik al op die tuis- of landingsblad sigbaar is (Du Plessis 2015: 51-52). Gouws en Prinsloo (2005: 64) verwys na twee verskillende tipes toegangstrukture, naamlik die eksterne toegangstruktuur, wat verband hou met die soekroetes wat die gebruiker na die lemma neem, en die interne toegangstruktuur, wat o.a. die soekroetes en -sones binne die artikel self behels. Met aanlyn en selfoonwoordeboeke word die tradisionele funksies en gebruike van woordeboekstrukture aangepas vir die medium en om die gebruiker se behoeftes vinniger en makliker te bevredig. Dit het egter die gevolg dat dit soms moeilik is om tussen die verskillende woordeboekstrukture te onderskei (Müller-Spitzer 2013: 368-369). Die gelukkige toeval daarvan is dat e-woordeboeke meer vryheid het om op nuwe en innoverende maniere gebruikers na leksikografiese materiaal te lei. Hierdie artikel het ten doel om van hierdie innoverende toegangsroetes in veral selfoonwoordeboeke uit te lig en te evalueer. Dit word gedoen ten einde te bepaal watter toegangsroetes verdere aandag verdien of wat as standaardpraktyk in selfoon- en ander e-woordeboeke oorweeg moet word.

Sleutelwoorde: EKSTERNE TOEGANGSTRUKTUUR, E-LEKSIKOGRAFIE, ELEKTRONIESE WOORDEBOEKE, INTERNE TOEGANGSTRUKTUUR, SELFOONLEKSIKOGRAFIE, SELFOONWOORDEBOEKE, SLIMFONE, SLIMFOON, SOEKROETES, TOEGANGROETES, TOEGANGSTRUKTUUR, TOEPASSINGS, WOORDEBOEKSTRUKTURE

Abstract: Innovative Access Structures in Mobile Dictionaries. The access structure of any dictionary is an important one. It provides the user with a means to obtain the required data or to extract valuable information. This dictionary structure mostly overlaps with other structures such as the macro-, micro- and mediostructure, which in turn creates different access routes a dictionary user can follow to try and satisfy his or her lexicographic needs. In printed dictionaries, the access structure can already be found on the cover, while in electronic or online dictionaries this structure is usually visible on the home or landing page (Du Plessis 2015: 51-52). Gouws and Prinsloo (2005: 64) differentiate between two types of access structures: the outer access structure, which relates to the access or search routes that lead a user to the lemma sign, and the inner access structure, which, among other things, involves the search routes and zones within a

dictionary article. The traditional functions and uses of dictionary structures are adapted for the online and mobile medium in order to better satisfy user needs. The disadvantage of this, however, is that it is becoming increasingly difficult to distinguish between different dictionary structures (Müller-Spitzer 2013: 368-369). Fortunately, e-dictionaries have the freedom to provide new and innovative ways for users to access lexicographic material. The goal of this article is to highlight and evaluate some of these innovative access routes, particularly in mobile dictionaries. This is done to determine which access routes deserve further investigation or should be considered as a standard practice in mobile and other e-dictionaries.

Keywords: ACCESS ROUTES, ACCESS STRUCTURE, CELLPHONE DICTIONARIES, DICTIONARY STRUCTURES, ELECTRONIC DICTIONARIES, E-LEXICOGRAPHY, INNER ACCESS STRUCTURE, MOBILE APPLICATIONS, MOBILE DICTIONARIES, MOBILE LEXICOGRAPHY, OUTER ACCESS STRUCTURE, SEARCH ROUTES, SMART PHONES

1. Inleiding

Net soos 'n watermassa loop taal onstuitbaar waar hy wil; niemand kan dit werklik beheer nie — dr. W.F. Botha.

Soos Botha (in Van der Spuy 2018) tereg aandui, kan 'n taal nie sommer beheer word nie. Wat wel beheer kan word, is hoe taalgebruikers toegang tot taal, taaldata en taalhulpbronne kry. Soos die wêreld die digitale en virtuele sfer met spoed en ywer betree, en tegnologie steeds vinniger verbeter en verander, raak die aanvraag na en toegang tot data al hoe meer en al hoe belangriker. Dit is veral opvallend as daar gekyk word na die ontwikkeling van en die tendense in slimtegnologie en datatoegang (vgl. Maiman 2022, Mayer-Schönberger en Ramge 2022, en Woolley 2022). Een van die slimtoestelle wat binne hierdie konteks van kardinale belang is, is selfone.

In 2017 was daar sowat 4,5 miljard selfoongebruikers ter wêreld, terwyl dit tans blyk dat daar ongeveer 6 miljard selfoongebruikers wêreldwyd is en die verwagting is dat daar aan die einde van 2026 omtrent 7,5 miljard selfoongebruikers¹ wêreldwyd sal wees (Statista 2021). Hierdie toename bevestig dat daar 'n aanvraag na mobiele, toeganklike en altydteenwoordige tegnologie is. Gebruikers wil enige tyd en enige plek toegang tot inligting hê. Die noodsaak vir hierdie soort tegnologie het ernstige implikasies vir die praktiese en metaleksikografie (vgl. Bothma en Gouws 2020, en Ferret en Dollinger 2021), en die feit dat daar betreklik min navorsing oor selfoonleksikografie en selfoonwoordeboeke beskikbaar is of gedoen word, vergroot die erns van dié saak (vgl. Holmer en Sköldberg 2014, en Caruso et al. 2019).

Woordeboeke as draers van data moet gebruikers van verskillende maniere voorsien om daardie data te bekom en inligting daaruit te onttrek. Daarsonder sal gebruikers nie hul leksikografiese behoeftes kan bevredig nie. Die woordeboekmaker en woordeboekgebruiker bevind hom/haar dikwels in die stryd tussen dit wat in die woordeboek opgeneem is en die toeganklikheid van daardie

woordeboekdata en -inligting (Atkins en Rundell 2008: 21). Daar kan daarom met min twyfel aanvaar word dat die toegangstruktuur een van die belangrikste en veelsydigste strukture in woordeboeke is. Die elektroniese medium het reeds gesorg vir aanpassings in die meta- en praktiese leksikografie wat betref die toegangstruktuur (vgl. Müller-Spitzer 2013, Gouws 2014a en 2014b, en Bothma 2018), maar daar is altyd ruimte vir verbetering en innoverende praktyke. Hierdie artikel het ten doel om van hierdie innoverende toegangsroetes in veral selfoonwoordeboeke uit te lig en te evalueer. Let wel, hier word slegs op selfoonwoordeboektoepassings gefokus en nie op selfoonvriendelike weergawes van e-woordeboeke nie, juis omdat die selfoontoepassings as medium ruimte vir unieke, andersoortige of aanpasbare toegangsroetes bied. Dit word gedoen ten einde te bepaal watter toegangsroetes verdere aandag verdien, of wat as standaardpraktyk in selfoonwoordeboeke oorweeg moet word. Daar moet hier genoem word dat 'n innoverende praktyk nie altyd 'n nuttige praktyk is nie, maar die ruimte wat dit skep vir nuwe of aanpasbare leksikografiese strukture en bronne, is wel noemenswaardig.

Die toegangstruktuur as leksikografiese begrip moet egter eers kortliks onder die loep geneem word, asook die verandering wat hierdie struktuur ondergaan het in die elektroniese leksikografie. Die bestaande praktyke in die e-omgewing en die eienskappe van selfone en selfoongebruikers sal ook kortliks bespreek word om verder te beklemtoon waarom die toegangsroetes as innoverend beskou kan word.

2. Die toegangstruktuur

Bosman (2013: 42) stel tereg dat die begrippe "toegang" en "toegangstruktuur" geyk is in die leksikografie. Derhalwe is dit nie nodig om hierdie struktuur ten volle te bespreek nie, maar wat tog tersaaklik is, is om kortliks vas te stel wat hierdie struktuur behels en hoe hierdie struktuur met ander woordeboekstrukture oorvleuel. Daarna kan bepaal word tot watter mate hierdie struktuur aangepas is vir elektroniese woordeboeke.

Gebuikeers moet deur 'n woordeboek gelei word sodat hy/sy by die relevante inligting kan uitkom waarna gesoek word. Hierom is die toegangstruktuur 'n noodsaaklike deel van enige woordeboek. Volgens Müller-Spitzer (2013: 368) is die toegangstruktuur, soos die indeks of die alfabetiese ordening van trefwoorde, die struktuur wat bepaal hoe gebuikeers toegang kry tot die leksikografiese data. Hierdie stelling suggereer reeds dat hierdie struktuur met ander woordeboekstrukture soos die makrostruktuur oorvleuel. Gouws en Prinsloo (2005: 165) dui aan dat die toegangstruktuur die soekroetes skep wat gebuikeers volg tydens die raadpleging van 'n woordeboek. Hierdie soekroetes berus nie net op die toegangstruktuur nie maar ook op die mikro-, artikel-, medio- en dataverspreidingsstruktuur, omdat bv. buitetekste, kruisverwysings, struktuurmerkers en aanduiders ook vir die gebuikeer toegang tot data gee (Du Plessis 2015: 53). Die toegangstruktuur maak dit dus moontlik vir 'n gebuikeer om

tydens die raadpleging van 'n leksikografiese hulpbron relevante data op te spoor of inligting te onttrek, hetsy binne of buite die hulpbron. Om die sukses van 'n gebruiker se raadplegingsprosedure verder te begryp, moet daar onderskeid getref tussen die eksterne toegangstruktuur en die interne toegangstruktuur.

Die eksterne toegangstruktuur is op die woordeboek as tekssoortdraer gerig, en bepaal die toegangsroetes tot die sentrale lys, asook op die voor- en agtertekste en die woordeboekindeks. Gouws en Prinsloo (2005: 64) vereenvoudig hierdie idee deur vas te stel dat die eksterne toegangstruktuur bloot verband hou met die soekroetes wat die gebruiker na die lemma neem. Soos genoem, oorvleuel die toegangstruktuur telkens met die makro- en dataverspreidingstruktuur juis omdat die soekroete wat gebruikers deur die makrostruktuur volg die lemmalys, lemmas as aanduiders en die artikeltrajekte as toegangselemente insluit, asook buitetekste en buitetekstuele elemente wat inligting verskaf en data dra wat gebruikers kan help om die woordeboek te gebruik, onder meer om kognitief-georiënteerde data te verskaf of makliker deur die woordeboek te soek (Du Plessis 2015: 52-53). Dit beteken dat die eksterne toegangstruktuur eerder soos deur Wiegand en Beer (2013: 113) verklaar moet word:

An outer access structure is a linear [...] structure, whose elements are outer access text elements, which can be accessed externally [...] [which] applies to all types of outer access structures [...] so that e.g. inner text entries, insert entries, outer text entries and index entries are taken into consideration as well.

Die oorgang tussen eksterne en interne toegangstrukture word deur die lem-mateken vergestalt.

Die interne toegangstruktuur is die soekroete wat die gebruiker oriënteer binne die relevante artikel nadat die gebruiker suksesvol daarheen gelei is deur die eksterne toegangstruktuur (Wiegand en Beer 2013: 139). Gouws en Prinsloo (2005: 64; 170) omskryf die interne toegangstruktuur as die soekroete wat die gebruiker na die relevante data-inskrywing lei, dit wil sê die soekroete wat 'n gebruiker volg binne 'n woordeboekartikel om by 'n bepaalde aanduiders of data-kategorie uit te kom. Die interne toegangstruktuur het ook 'n effek op die gebruiker se raadplegingsvermoë en -tyd (Gouws en Prinsloo 2005: 170). Gouws en Prinsloo (2005: 170-171) is verder van mening dat 'n artikel só gestruktureer moet wees dat die gebruiker vinnig en maklik kan onderskei tussen die verskillende data-kategorieë. Hierom stel 'n woordeboekartikel wat gebruik maak van verskillende nietipografiese struktuurmerkers as interne toegangstrukturele elemente die gebruiker in staat om moeiteloos deur die artikel te soek vir die relevante data. Die plasing van leksikografiese data in 'n woordeboek kan die toegang tot daardie data belemmer of vergemaklik.

2.1 Gedrukte teenoor elektroniese woordeboeke

Almind (2005: 38) toon aan dat die sukses van enige e-woordeboek deur een

enkele begrip bepaal word, naamlik toeganklikheid. Met aanlyn en selfoonwoordeboeke, veral selfoonwoordeboektoepassings, word die tradisionele funksies en gebruike van woordeboekstrukture aangepas vir die medium en om die gebruiker se behoeftes vinniger en makliker te bevredig. Dit het egter tot gevolg dat dit soms moeilik is om tussen die verskillende woordeboekstrukture te onderskei (Müller-Spitzer 2013: 368-369). Elektroniese woordeboeke moet egter verkieslik nie die gebruiker ten opsigte van sy/haar verwagting van 'n woordeboek en woordeboekartikel vervreem nie. Die uitdagings en voordele wat die elektroniese sfeer vir leksikograwe inhou, stel nuwe eise aan die maak van 'n elektroniese woordeboek en vir die gebruik van daardie woordeboek. Daar is ook reeds bepaalde praktyke in die digitale ruimte wat deur leksikograwe in ag geneem moet word en wat deur gebruikers verwag word. Dit het ook implikasies vir die metaleksikografie (vgl. Tarp 2012 en Bothma 2018).

In gedrukte woordeboeke word die toegangstruktuur reeds op die buiteblad aangetref, terwyl dit in elektroniese of aanlyn woordeboeke gewoonlik al op die tuis- of landingsblad sigbaar is (Du Plessis 2015: 51-52). In gedrukte woordeboeke gebeur dit dikwels dat die toegangsalfabet, as deel van die hooftoegangstruktuur, parallel loop met die makrostruktuur (Wiegand en Gouws 2013: 77). Soos genoem, begin die toegangsroete wat deur hierdie struktuur bepaal word reeds op die woordeboeke se buiteblad en/of rugkant en dui hier vir gebruikers aan watter tipe woordeboek dit is en of die woordeboek moontlik die gebruiker se behoeftes kan bevredig (Gouws en Prinsloo 2005: 165). Soos gebruikers deur 'n gedrukte woordeboek blaai, gebruik hulle ook bladsynommers en gidswoorde bo- of onderaan die bladsy om by die relevante data uit te kom (Gouws en Prinsloo 2005: 168). Hierdie elemente vorm deel van die eksterne toegangstruktuur van gedrukte woordeboeke. Daarteenoor is elektroniese woordeboeke dinamies van aard en word dit grootliks nie belemmer deur ruimtebeperkings nie. Dit beteken dat die toegangsalfabet nie noodwendig op die tuisblad sigbaar is nie, maar eerder in bv. alfabetbalke, dinamiese hiperskakellyste of spyskaartskakels vertoon word. Elektroniese woordeboeke veronderstel vinniger en makliker toegang tot data as gedrukte woordeboeke. Die grootste en belangrikste verandering in die toegangsroete tot woordeboekdata is die implementering van soekenjins, soekbalke of skakels wat gebruikers direk na lemmas, sublemmas, buitetekste (oftewel "outer-features" — vgl. Klosa en Gouws 2015) of eksterne hulpbronne lei. Dit beteken dat gebruikers nie deur die woordeboek hoef te blaai nie, hoewel sekere aanlyn woordeboeke dit wel moontlik maak, maar dat daar eerder tussen of na woordeboekdata gespring kan word met die klik van 'n muis, druk van 'n knoppie of vee van 'n vinger. Dit is egter nie die enigste manier hoe gebruikers deur 'n e-woordeboek navigeer nie.

Wat die interne toegangstruktuur betref, is daar tipies meer oorstemming tussen gedrukte en elektroniese woordeboeke. Hoewel elektroniese woordeboeke in die meerderheid van gevalle van 'n aangepaste interne toegangstruktuur gebruik maak, is dit steeds meer tradisioneel as die eksterne toegangstruktuur.

Wat wel voordelig vir die elektroniese medium is, is dat daar ook 'n bepaalde dinamika of interaktiwiteit aan die toegangstruktuur gekoppel kan word. Dit kom gewoonlik voor in die gebruik van hiperskakels in die mikro- of mediostruktuur, of die gebruik van interaktiewe nietipografiese struktuurmerkers wat uniek is aan die elektroniese sfeer, soos die luidspreker-ikoon wat vir gebruikers die uitspraak van die betrokke lemma speel, die ster-ikoon wat die gebruiker kan klik om die betrokke lemma as een van sy/haar gunsteling te stoor, of die "sien meer"-ikoon of -skakel, wat versteekte data of toegangsroetes oproep of die gebruiker na 'n ander inskrywing, woordeboekdeel of eksterne bron kan neem. Gouws (2014a: 163-164) wys daarop dat die artikelstruktuur in elektroniese woordeboeke nie noodwendig oor dieselfde kommentaartipes as gedrukte woordeboeke beskik nie, en dat die kommentare eerder verskillende toegangsroetes vir verskillende leksikografiese datatipes is. Gouws (2014a: 170) dui verder aan dat die elektroniese medium nie net op nietipografiese struktuurmerkers hoef staat te maak nie vanweë die feit dat e-woordeboeke 'n "multi-layered presentation of search zones" kan integreer as deel van die toegangstruktuur. Die verskillende soeksones hoef dus nie deur nietipografiese struktuurmerkers aan die gebruiker uitgewys te word nie, maar eerder met knoppies of duimgidse waarop geklik kan word wat die verskillende data-inskrywings weergee.

Die bostaande uiteensetting is geensins 'n volledige bespreking om die aanpassings van die toegangstruktuur tussen gedrukte en e-woordeboeke weer te gee nie. Die dinamiese en interaktiewe, tog tradisionele aard van die toegangstruktuur in elektroniese woordeboeke word wel hier weerspieël en dien as 'n basis vir die ontleding van die selfoonwoordeboektoepassings wat verder bespreek word. Vir meer inligting oor die verskille in toegang- en verwante strukture van elektroniese en gedrukte woordeboeke vgl. Gouws 2018, Dziemianko 2018 en Klosa-Kückelhaus 2022.

2.2 Standaardpraktyke in die e-omgewing

Die maak van 'n elektroniese woordeboek veronderstel dat die leksikograaf en sy/haar medewerkers bewus is en gebruik maak van bepaalde standaardpraktyke van die e-omgewing. Vir die doeleindes van hierdie artikel moet daar enkele verklarings hieroor gemaak word sodat die toegangsroetes wat in afdeling 3 geanaliseer word, tog as innoverend, vernuwend of aanpasbaar beskou kan word.

Daar moet aanvaar word dat daar standaard- of verwagte praktyke is wat, soos in die gedrukte leksikografie, slegs in die betrokke onderafdeling van die e-omgewing geld of daarin bepaal word, bv. die vee-funksie wat nie vir tipiese skoot- en persoonlike rekenaars met nieraakskerms hoef te geld nie. In die breër e-omgewing is daar praktyke wat deur beide die ontwikkelaar en gebruiker verwag word wanneer daar met 'n webwerf, toestel, toepassing, of dergelyke gewerk word. Vooruitgang in tegnologie veroorsaak dat daar gereeld nuwe

praktyke gevestig word wat spoedig as standaardpraktyke beskou word. Dit maak dit dus soms moeilik om werklik te bepaal wat die norm is vir standaardfunksies, praktyke en verwagtinge. Daar is egter sekere norme wat só konvensioneel is dat dit as vanselfsprekend aanvaar word. Dit sluit rekenaar- of internetgebruike soos knip-en-plak, hiperskakels, deelknoppies of -skakels, drukfunksies en kortpadsleutels in. By tabletrekenaars en slimfone sluit dit ook praktyke soos die vee-, raakskerm-, kamera- en roteerfunksies in. Derhalwe word hierdie praktyke nie as innoverend beskou nie, tensy daardie praktyk of funksie op 'n beduidende of unieke manier gebruik, verbeter of aangepas is.

3. Selfone en selfoonwoordeboeke

3.1 Unieke eienskappe en aard

'n Selfoon is 'n gebruiksinstrument wat sekere funksies het of behoeftes bevredig. Selfoongebruikers is 'n unieke tipe gebruiker binne die e-omgewing met unieke behoeftes en gebruiksomstandighede. Simonsen (2015: 84) en Carolus et al. (2019: 915) stel tereg dat selfone alomteenwoordig is en dat hierdie toestelle o.a. ons werkswyse, lewe en leermetodes heeltemal verander het. Dit geld ook vir die manier waarop gebruikers leksikografiese data verkry. Daarom moet daar 'n vinnige oorsig van die unieke eienskappe en aard van selfone en selfoongebruikers gegee word. Hierdie oorsig sal ook wys hoe die geëvalueerde toegangsroetes die selfoongebruiker en sy/haar unieke gebruikssituasies in ag neem of bevoordeel.

Budiu (2015) en Restyandito en Kurniawan (2017) dui daarop dat die beperkte skerm van 'n selfoon en die grootte van die toestel (veral in vergelyking met ander toestelle soos rekenaars) 'n beduidende rol speel op die manier hoe 'n gebruiker daarmee werk om inligting of data te bekom, asook die bruikbaarheid van die toestel en/of toepassing beïnvloed. Verder noem Budiu (2015) en Simonsen (2014) dat selfooneienskappe soos draagbaarheid, funksionaliteit en die gebruikskonteks 'n invloed het op die tipe data wat aan gebruikers vertoon word, die tyd en plek wat gebruikers neem om data te soek en die vermoë om die data of inligting te interpreteer of te internaliseer. Die volgende drie eienskappe van selfoongebruikers word deur Simonsen (2014: 259-260) gestel:

1. Selfoongebruikers is tipies aan 't beweeg of besig met ander take terwyl hulle hul selfone gebruik. Dit beteken dat hulle dikwels haastig, onnoukeurig, ingedagte en ongeduldig is.
2. Die selfoongebruiker soek eenvoudige dog kundige inligting. Die selfoongebruikersituasie vereis daarom eenvoudige, stiptelike en kommunikatiewe data.
3. Die selfoongebruiker moet twee navigasie-prosesse terselfdertyd uitvoer — die fisiese omgewing waarin hulle beweeg en die gebruikers-

koppelvlak van die toestel of toepassing. Dit vereis weereens dat data eenvoudig en toeganklik moet wees en dat die gebruikerskoppelvlak van so 'n aard moet wees dat selfs groot datastukke leesbaar en sonder verwarring verskyn.

'n Belangrike punt wat by die bogenoemde eienskappe gevoeg kan word, is dat die interaksie en verbintenis tussen selfoongebruiker en toestel veel nouer is as in vergelyking met ander rekenaargedrewe toestelle, juis omdat dié toestel tipies altyd by die gebruiker is, basiese menslike behoeftes bevredig en dit as 'n primêre bron van inligting, vermaak of sosiale interaksie gebruik kan word (Carolus et al. 2019: 934-935 en Chu et al. 2021). Die voortdurende gejaag na die dringende bevrediging van gebruikersbehoefte forseer toepassings om weg te skram van data-oormoed, en interaktiewe en funksionele toegangsroetes te implementeer. Kortom, 'n groter behoefte aan onmiddellike, verstaanbare en toeganklike data word verwag wanneer selfone as inligtingsbron gebruik word. Leksikografe moet bewus wees daarvan dat die toestel waarop 'n gegewe woordeboek verskyn, die funksionaliteit daarvan bepaal. Dit geld in 'n groter mate vir selfoonwoordeboeke as aanlyn woordeboeke omdat selfone verskil t.o.v. bedryfstoeestelle, knoppies, funksies, ens. Dit is daarom, soos Du Plessis (2015: 149) noem, van kardinale belang dat 'n selfoonwoordeboek van meet af as 'n selfoonprodukt ontwerp word.

3.2 Innoverende toegangsroetes²

In hierdie afdeling word die toegangstrukture en -roetes in ses selfoonwoordeboektoepassings bespreek. Hoewel daar 'n duidelike onderskeid tussen eks-terne en interne toegangstrukture in afdeling 2 getref is, is dit, soos reeds bepaal, telkemale nie moontlik om die toegangstrukture van mekaar en van ander strukture te skei nie. Vir daardie rede en om die studie sistematies uiteen te sit, word die toegangstrukture per woordeboek eerder as per struktuur bespreek. Dit is ook nie moontlik om die gebruikerstipe en woordeboektipologie van elke woordeboek te bespreek nie, maar waar dit van toepassing is, sal dit uitgelig word.

3.2.1 Merriam-Webster (MW)

Du Plessis (2015) het reeds die toegang- en ander strukture van die Merriam-Webster-selfoonwoordeboektoepassing bespreek. In daardie studie word daar gefokus op die innoverende gebruik van die raakskerm as toegangs metode tot enige leksikale item in die woordeboek. Dit wil sê, die gebruiker kan op enige leksikale item binne die artikelstruktuur klik om na daardie bepaalde lemma te gaan. Hier word elke leksikale item wat in enige betrokke lemma se artikelstruktuur verskyn dus 'n moontlike kruisverwysingspunt (fig. 1). Dit beteken

dat hierdie selfoonwoordeboek weliswaar 'n multidimensionele kruisverwysings bewerkstellig. Die lastigheid is egter dat wanneer 'n gebruiker per abuis op 'n leksikale item klik, word daardie artikel dadelik vertoon. Dit kan frustrerend wees aangesien gebruikers gereeld aan die skerm moet raak om deur 'n artikel te blaai, en so 'n ongeluk kan die naslaanprosedure vertraag. Daar is ook die verdere tekortkoming dat nie alle leksikale items as lemmas opgeneem is nie en sou 'n gebruiker op so 'n item druk in die artikelstruktuur, gebeur daar niks nie. Ideaal gesproke moet die woordeboek terugvoer gee aan die gebruiker om aan te dui dat daardie bepaalde toegangsroete nog gesluit is totdat die woord of leksikale item opgeneem is.




Fig. 1: MW se multidimensionele toegang-, medio- en artikelstruktuur

Hoewel hierdie toegangstrukturele element moontlik nie meer as uniek beskou kan word nie, is dit interessant dat slegs enkele ander woordeboeke (sien bv. 3.2.2) gebruik maak van hierdie nuttige en vinnige verwysingstelsel (vgl. Du Plessis 2015).




Fig. 2: Vorige soektogte in MW

Figuur 2 vertoon 'n aanpassing wat ná Du Plessis (2015) se studie aan MW se toegangstruktuur gemaak is. Daar verskyn 'n rekord van die gebruiker se soektogte tussen die soekbalk en die lemma wat geraadpleeg word. Hierdie lys word aangevul soos 'n gebruiker soektogte uitvoer, op kruisverwysings klik of die genoemde multidimensionele artikelstruktuur gebruik. Dit is ook heel vin-nig om deur hierdie lys te beweeg deur óf na links of regs op die skerm te vee, afhangend van watter lemma betrek word, óf om deur die lys te rol en op 'n bepaalde lemma te druk. Hoewel dit al standaardpraktyk is om vorige en

gunstelingsoektogte vir 'n gebruiker te stoor, word dit dikwels versteek of onder 'n bepaalde spyskaart, skerm of duimgids vertoon. MW maak dit maklik vir gebruikers om vorige soektogte te raadpleeg deur die eksterne toegangstruktuur so aan te bied dat vorige lemmatekens sigbaar is en maklik deurblaai kan word. Dit gee ook vir die gebruiker 'n goeie aanduiding van sy/haar soekgeskiedenis sonder om 'n ander deel van die toepassing te raadpleeg. So 'n funksie kan nuttig wees vir selfoongebruikers, veral as hulle besig is met 'n bepaalde taak oor verwante woorde of onderwerpe, juis omdat hulle met betreklik min moeite tussen soektogte kan spring.

3.2.2 Oxford Dictionary of English (ODE) en Collins English Dictionary (CED)

Omdat Oxford en Collins se selfoonwoordeboektoepassings deur dieselfde maatskappy ontwikkel is, funksioneer die toepassings grotendeels dieselfde en word dit dus saam bespreek. Daar is wel enkele verskille wat tersaaklik is vir hierdie analise. Hierdie twee toepassings bied 'n rits innoverende toegangsroetes aan gebruikers.

Soos MW, wend die ODE en CED ook die multidimensionele kruisverwysingstruktuur aan. Die enigste opvallende twee verskille hiermee is dat beide die ODE en CED se funksionaliteit effens stadiger (een of twee sekondes) is as MW, en dat die ODE en CED die gebruiker inlig as 'n leksikale item nie as lemma opgeneem is nie. ODE en CED het wel 'n meer omvattende kruisverwysingstruktuur omdat daar meer leksikale items opgeneem is en selfs ander elemente in die artikel- of mikrostruktuur, soos etikette, etimologie of woordsoortaanduiding, as kruisverwysingspunte dien (fig. 3). Indien daar bv. homonieme of afkortings is wat deur hierdie toegangsroete opgeroep word, word 'n lys van die verskillende opsies aan die gebruiker vertoon. Daar word gepoog om die gebruiker te lei na die betrokke artikel deur die vergestaltung van die kruisverwysing bo-aan die lys. Die gebruiker kan egter dikwels aan sy/haar eie kundigheid oorgelaat word, omdat die lys nie meer inligting aan die gebruiker verskaf nie en hy/sy self moet vasstel watter van die moontlike artikels die gewenste een is (soos met die voorbeeld van *tr* in fig 4).




Fig. 3: Woordsoortinligting en etimologie as kruisverwysingspunte in ODE




Fig. 4: In hierdie lys moontlikhede vir die afkorting *tr* in die CED lyk dit of die gewenste artikel enigeen van drie kan wees. Die gebruiker word nie na die korrekte lemma gelei nie a.g.v. die inkonsekwentheid met leestekens in die afkorting(s).

Die ODE en CED is twee toepassings wat werklik poog om die tegnologiese moontlikhede van selfone aan te gryp. Een knap funksie wat vir gebruikers help om data meer leesbaar te maak en sodoende toegang van data op die koppelvlak te versterk, is die verstelbare teksgroottefunksie. Gebruikers kan via die "A"-ikoon, regs bo in 'n betrokke lemma, die teksgrootte van die inskrywing stel met behulp van 'n "slider" sodat dit makliker gelees kan word (fig. 5). Sou daar te veel teks op die skerm wees, kan die teks weer kleiner gestel word om meer inligting op een slag te vertoon.




Fig. 5: Teksgrootteverstelling in CED (links en middel) en ODE (regs)

Verder bied ODE en CED 'n multidimensionele en interaktiewe soekruimte vir gebruikers. Dit sluit ook aan by die verwagte tog unieke praktyke van selfone deur toegang na die toepassing te bied via 'n eksterne bron, of om eksterne data in die woordeboek in te trek. Dit word veral deur die volgende funksies weerspieël.

Die ODE en CED maak gebruik van die selfoon se kamera om vir gebruikers die opsie te gee om werklike teks waarmee hy/sy besig is, as toegangsroete tot woordeboekinskrywings te gee (fig. 6). Gestel 'n gebruiker is besig met 'n taak wat teksresepisie betrek, kan 'n bepaalde woord of woorde wat in die teks verskyn met behulp van die selfoonkamera inskandeer word om dit sodoende op te soek deur op die geskandeerde en korrekte soekresultaat te druk.

Hoewel dit 'n innoverende funksie is, is die soektogte wat daarmee uitgevoer kan word nie altyd almal ewe geslaagd nie. In die evaluering hiervan het dit geblyk dat die kamerafunksie wispelturig is en dikwels nie woorde enigsins of korrek identifiseer nie, terwyl dit ook soms nie sekere lettertipes of skermtipes, bv. 'n woord op sekere rekenaarskerms, registreer nie (fig. 6). Indien die kamera wel die teks kan skandeer, sit die gebruiker gewoonlik met 'n lys woorde, karakters of onverstaanbare kombinasies van letters. Dit is ook nie duidelik wat die gebruiker moet doen om 'n woord of term te skandeer as die "detect"- en "auto-focus"-instelling afgesit word nie. Ongelukkig word daar geen hulp aan die gebruiker verskaf nie. Hoewel hierdie funksie gebrekkig is, bied dit wel vir die gebruiker 'n bykomende toegangsroete tot data, veral vir gebruikers wat aan 't beweeg is en vinnig 'n woord of term wil probeer opsoek. Dit is gelykstaande aan Google Lens (<https://lens.google/>), 'n toepassing wat o.a. woorde, foto's en produkte kan skandeer en dit dan via Google se soekenjin opsoek, maar moet nog verder verfyn word om op daardie standaard te wees. Hierdie tipe funksie moet egter meer in die selfoonleksikografie benut word en dit is 'n stap in die regte rigting om die selfoon as meerfunksionele leksikografiese gebruiksinstrument te vestig.




Fig. 6: CED (heel links) en ODE se kamera-soektogte (gedrukte teks i.d. middel, en rekenaarskerm regs)

'n Funksie wat reeds prominent is in aanlyn en e-lesers, is die integrering van woordeboeke met webwerwe, programme of e-tekste. Hoewel Google reeds hierdie funksie met hul woordeboeklisensieringdata van o.a. Oxford vir selfone ook beskikbaar gestel het, moet die gebruiker toegang tot die internet hê om hierdie funksie te kan gebruik (vgl. Dickson 2018 en Oxford Languages 2022). ODE en CED kan op die gebruiker se selfoon afgelaai word en het dus nie internettoegang nodig nie. Die gebruiker kan daardeur enige tyd in 'n teks, ander toepassing³ of webwerf (sou hulle wel die internet raadpleeg) toegang tot hierdie toepassings kan hê. Daar is twee maniere waarop gebruikers woordeboekinskrywings kan raadpleeg via 'n eksterne bron.

Eerstens, wat in hierdie geval slegs vir die ODE (en Dictionary.com) geld, kan 'n woord of frase verhelder word d.m.v. 'n "long press" op die raakskerm, waarna 'n standaardlys funksies, soos kopieer en deel, opgeroep word. In hierdie lys is 'n meer opsies-ikoon waar 'n lys van die gebruiker se geïnstalleerde woordeboeke verskyn. Die gebruiker kan gewoon op die gekose woordeboek druk en 'n soektog vir daardie gegewe woord, term of frase, of naaste verwante inskrywing daarvan, sal plaasvind (fig. 7). Hoewel hierdie soort soekfunksie al 'n standaardpraktik in die breër e-omgewing is, moet dit nog neerslag vind in die selfoonleksikografie. Hierdie praktik lewer 'n toegevoegde waarde tot die selfoonwoordeboek omdat dit weereens die gebruiker in staat stel om vinnig, maklik en tydens 'n betrokke ander taak, toegang tot woordeboekdata te verkry. Dit versterk die reeds bestaande verwagting dat selfoontoepassings multifunksioneel en -dimensioneel moet wees, veral wanneer dit die hantering of toeganklikheid van data betref.




Fig. 7: Eksterne toegangsroete tot die ODE

Tweedens, sluit ODE en CED weer by die gevestigde Google- of internetpraktiek aan deur vir gebruikers 'n "tap to translate"-funksie te verskaf. As hierdie funksie geaktiveer word by die woordeboekinstellings, kan gebruikers teks in 'n eksterne bron met behulp hiervan opsoek in die woordeboek. Die gegewe soektog kan op twee maniere plaasvind. Eerstens kan 'n woord of frase deur middel van 'n "long press" verhelder of gekopieer word. Daarna moet daar afgerol word tot die selfoon se kennisgewingpaneel ("notification panel") verskyn. Die gebruiker sal 'n sagte kennisgewing ("gentle notification") sien wat die "translate"-funksie bevat. As daar op "translate" gedruk word, word die toepassing oopgemaak, die verhelderde of gekopieerde teks in die woordeboek se soekenjin geplak en 'n soektog word onmiddellik uitgevoer (fig. 8). Tweedens gee ODE vir gebruikers die opsie om 'n swewende ikoon op die skerm te laat vertoon. Hierdie ikoon is altyd teenwoordig en word bo-oor ander blaaie, ikone en toepassings vertoon. 'n Gebruiker het dus altyd daardeur toegang tot die woordeboek. Dieselfde proses word gevolg om soektogte uit te voer, behalwe dat die gebruiker nou net op die ikoon hoef te druk om die woordeboekraadplegingsprosedure te begin (fig. 9).




Fig. 8: ODE en CED se "tap to translate"-funksie lyk en werk dieselfde




Fig. 9: ODE se "tap to translate"-ikoon en soekfunksie

Vir twee Engelse eentalige woordeboeke is dit egter vreemd dat hierdie funksie nie herbenoem is nie aangesien 'n gebruiker nie werklik teks daarmee kan vertaal nie. Afgesien van die wanbenaming, is hierdie toegangsroete wel redelik nuttig. Dit bied kitstoegang tot die woordeboektoepassing se soekenjin sonder dat die gebruiker self die toepassing moet oopmaak en die soektog moet onderneem. Vir gebruikers wat besig is met 'n bepaalde taak op hul selfoon, kan hierdie funksie veral handig te pas kom juis omdat daar met betreklik min moeite tussen die eksterne bron en woordeboek beweeg kan word. Die sagte kennisgewing en swewende ikoon kan wel vir sekere gebruikers steurend wees omdat dit altyd teenwoordig moet wees om hierdie funksie te gebruik, maar dit bly 'n goeie toevoeging tot die eksterne toegangstruktuur van hierdie selfoonwoordeboeke.

3.2.3 Dictionary.com (DC)⁴

Nog 'n woordeboek wat die moontlikhede van die selfoonomgewing volkome probeer aangryp is Dictionary.com se selfoonwoordeboektoepassing. DC is van meet af as 'n aanlyn woordeboek ontwerp. Derhalwe kan daar geargumenteer word dat hierdie woordeboek nie die gesukkel moes ondervind om van gedrukte weergawe na elektroniese weergawe te gaan nie. Dit stel hierdie woordeboek in staat om telkens die e-omgewing se nuanses beter te verstaan en te manipuleer.

Reeds op die tuisskerm van DC word 'n reeks toegangsroetes aan die gebruiker beskikbaar gestel. Naas die verwagte soekbalk is daar ook drie ander opsies wat onder die "woord van die dag" verskyn, naamlik "browse", "random" en "explore" (fig. 10). "Browse" is nie 'n innoverende toegangstruktuur nie, maar die aanbieding daarvan as toegangsroete saam met ander toegangsroetes is 'n praktiese praktyk omdat alle bykomende toegangsroetes saam gegroep word. As 'n gebruiker op "random" druk, word 'n lemma lukraak uit die woordeboek opgeroep. Dit kan ook met behulp van die twee deurkruisende pyltjies in die soekbalk gedoen word. Daar kan geargumenteer word dat hierdie soekopsie nutteloos is of net vir vermaaklikheidsdoeleindes gebruik word, maar dit gee tog vir woordliefhebbers en woordeboekgebruikers die geleentheid om lemmas op te spoor wat hulle andersins nooit sou raadpleeg nie. Die algemene selfoonwoordeboekgebruiker sal dit waarskynlik net as 'n oulike, maar onbelangrike funksie ("gimmick") beskou. Daarteenoor is "explore" 'n heel waardevolle deel van die toegangstruktuur. As 'n gebruiker daarop druk, word hy/sy na 'n buitetekst geneem waar woordeboekdata tematies aangebied word (fig. 10). Hierdie tematiese indeling betrek tipies gegewens wat 'n selfoongebruiker in die digitale sfeer sal teëkom soos emoji's, memes en popkultuur. Die gebruiker kan op een van hierdie afdelings druk en verkorte woordeboekinskrywings met ostensiewe materiaal nagaan (fig. 10). As daar op een van die woordeboekartikels gedruk word, kry die gebruiker 'n meer volledige bewerking met 'n uitgebreide betekenisparafrase, voorbeelde, ens. Let wel, hierdie inskrywings lyk anders as die woordeboekartikels wat deur die hooflemmalys vergestalt is en lees amper soos bloginskrywings met voorbeelde wat met ander toepassings soos Twitter geïntegreer is. Onderaan elke tematiese onderafdeling, word 'n toegangsroete na die ander onderafdelings aangebied (fig. 10). Dit sorg vir beter navigasie tussen hierdie kognitief-geïntegreerde inligting in die buitetekst.




Fig. 10: DC se tuisskerm en "extra"-buitetekst

DC se tuisskerm bied verder vir gebruikers toegang tot gonswoorde wat deur onlangse woordeboeksoektogte gegeneer word (fig. 10.) Gebruikers het kits-toegang tot hierdie woorde deur op die woord langs "trending" te druk. Daar word ook 'n aanduiding gegee van hoe soektogte vir dié woorde vermeerder het. Dit is nie noodwendig bruikbare data vir die gebruiker nie, maar wys wel wat die huidige en moontlike gonswoorde in die wêreldleksikon is. As daar verder afgerol word op die tuisskerm, kry die gebruiker toegang tot nog buite-tekste wat oor taal- en leksikografiese verwante onderwerpe handel (fig. 11). Hierdie tekste word gereeld bygewerk of verander, wat 'n bepaalde dinamiese eienskap aan die toepassing gee. Dit kan wel steurend wees en tot data-oormoedigheid lei, maar die doel- of taakgerigte gebruiker sal nie sommer hierdie buite-tekste besoek nie. Vir gebruikers wat wel meer kognitief-georiënteerde behoeftes het, kan hierdie toegangsroetes tot waardevolle data lei. Soortgelyke buite-tekste wat veral taal, teksproduksie, wetenskap en grammatika betrek, kan ook via die toepassing se spyskaart verkry word (fig. 11). Dit is op sigself nie 'n innoverende praktyk nie, maar die feit dat hierdie data netjies gekategoriseer word en so maklik toeganklik is, is tog uniek binne die breër selfoonleksikografie⁵. DC verskaf ook die verwagte "woord van die dag" aan gebruikers, maar hierdie toepassing gaan een stappie verder deur onderaan die tuisskerm ook 'n "sinoniem van die dag" in die vorm van 'n vraag te plaas. Hierdeur kry gebruikers 'n nuwe soort toegangsroete tot woordeboekinskrywings en word hulle ook uitgedaag om te kyk of hy/sy die sinoniem reg kan raai.




Fig. 11: Nog buite-tekste op DC se tuisskerm en hoofspyskaart

Laastens, is DC se artikel- en mikrostruktuur ook dinamies en interaktief. Gebruikers het toegang tot lettergreep- en klemaanduiding of die fonetiese alfabet en kan met die druk van 'n vinger tussen hierdie opsies spring (fig. 12). So 'n eenvoudige toegangsroete is 'n aanwys vir gebruikersvriendelikheid omdat die gebruiker self kan bepaal watter uitspraakleiding hy/sy verkies. Die artikelstruktuur self wyk ook af van standaardwoordeboeke omdat die gegewe soeksones, soos voorbeeldmateriaal, uitdrukkings en verwante woorde, binne die artikel onder verskillende duimgidse verskyn. Dit verbeter die leesbaarheid op 'n selfoonskerm en onderverdeel die artikel in verstaanbare en toeganklike afdelings. Verskillende vakspesifieke of pedagogiese data word ook so aangebied indien dit relevant is, soos by *abstract* in fig. 12. Daar is selfs toegang tot verdere buitetekstuele elemente soos ensiklopediese of grammatiese data of woorde wat met die betrokke lemma rym, wat ook waarde tot die woordeboekartikel en sy struktuur bied (fig. 12). Let wel, hierdie data is slegs toeganklik indien die gebruiker die verskillende afdelings afsonderlik aankoop of die volle woordeboekpakket koop. Dit kan ook gelukkig enige tyd via die artikelstruktuur gedoen word, omdat daar toegang tot "upgrades" verskaf word (fig. 12). Hierdie benadering tot die interne toegangstruktuur is bepaald gebruikersvriendelik en sorg vir verteerbare datastelle wat die selfoongebruiker met meer gemak kan nagaan en interpreteer.




Fig. 12: DC se interne toegangstruktuur

3.2.4 Muiswerk Woordenboek (MWWB)

MWWB is 'n Nederlandse woordeboek gerig op leerders en het daarom 'n bepaalde pedagogiese funksie. Hierdie woordeboek is ook in 'n basiese vorm aanlyn beskikbaar, maar blyk om eerder op selfone of tabletrekenaars gerig te wees. Omdat MWWB se primêre teikengebruikergroep leerders is, implementeer hierdie woordeboek ander soekmoontlikhede in die eksterne toegangstruktuur. In die eerste plek kan 'n gewone soektog soos in enige ander woordeboek uitgevoer word met behulp van die soekenjin. Die resultate van die soektog, of die voorstelle wat verskyn soos daar in die soekbalk getik word, vertoon tipies met bykomende grammatikale inligting soos by *blom* in fig. 13. Gebruikers kry dus dadelik toegang tot ekstra taalkundige inligting wat die gebruiker kan help om die korrekte lemma in die soekresultate te raadpleeg. Die soekenjin self kan ook gemanipuleer word om drie verskillende soekopsies uit te voer (fig. 13), naamlik om lemmas te soek wat met die gegewe karakters/letters begin, waar die gegewe karakters/letters in die middel van 'n lemma verskyn, of waar die gegewe karakters/letters aan die einde van 'n lemma voorkom (soos voorgestel deur die soektog vir *-agen* in fig. 13). Hierdie soekmoontlikhede verbreed die gebruiker se toegang tot die makrostruktuur omdat drie verskillende lemmas op drie verskillende maniere opgespoor kan word. Dit is verbasend dat so min woordeboektoepassings hierdie soort soekfunksie aan gebruikers verskaf, juis omdat dit waarde toevoeg tot die eksterne toegangstruktuur en sodoende vir gebruikers nuwe maniere gee om by lemmas uit te kom. Hierdie soekopsies is nie net vir leerders bruikbaar nie, maar ook vir taalnavorsers, studente, blokkiesraaispelers, ens.




Fig. 13: MWWB se toegangsroetes tot die makrostruktuur

MWWB maak ook gebruik van 'n dinamiese interaktiewe artikelstruktuur wat gebruikersgerig is en funksioneel benut word binne die selfoonruimte. Deur op die "meer opsies"-ikoon regs bo te klik, kry die gebruiker die opsie om foto's of illustrasies op te laai wat deel word van die semantiese kommentaar as oosten-siewe inskrywings vir die betrokke artikel, soos by *blom* in fig. 14. Die gebruiker het die keuse om 'n foto te neem of om 'n bestaande foto of illustrasie te kies vanuit die selfoon se berguimtes. Die betrokke gebruiker kry amper onmiddellike toegang tot die opgelaaide foto of illustrasie, maar sou hulle dit aan ander gebruikers wil bekendstel, moet dit deur 'n keuringsproses gaan wat deur MWWB se redakteurs behartig word. Hierdie funksie, hoewel knap, kan problematies wees, sou die gebruiker nie die betekenisparafrase(s) van die betrokke lemma verstaan nie en 'n foto oplaai wat nie gepaard gaan met die gegewe betekenisparafrase(s) nie of as die keuringsproses 'n verwarrende illus-trasie toelaat, soos in die geval van *slaap* (fig. 15) wat nie by die regte betekenis-parafrase verskyn nie. Verder kan dit gebeur dat die betrokke foto of illustrasie se lêertipe nie meer ondersteun word deur bv. die woordeboek of bedryfstelsel nie, of dat dit 'n ou, gebroke of foutiewe skakel in die woordeboekdatabasis is. Dit kan tot onbevredigende resultate lei omdat die illustrasie soos by *lopen* in fig. 15 nie korrek vertoon nie.




Fig. 14: Interaktiewe artikelstruktuur van MWWB




Fig. 15: Problematiese ostensiewe inskrywings in MWWB

Hoe dit ook al sy, hierdie toegepaste funksie beteken dat die gebruiker 'n rol speel in die aanbieding van data binne die artikelstruktuur. MWWB benut hierdeur die tegnologiese moontlikhede waaroor selfone beskik en betrek die gebruiker by die leksikografiese proses, wat derhalwe betekenisvol is vir die vestiging en voortbestaan van 'n volhoubare (selfoon)woordeboekkultuur.

3.2.5 Duden Wörterbücher (DW)

Laastens bevat DW se toegangstruktuur ook enkele unieke eienskappe. DW se toepassing dien as 'n soort woordeboekportaal omdat dit verskillende woordeboeke of woordeboekpakkette aan die gebruiker verskaf, hoewel soektogte beperk is tot een enkele woordeboek. Dit is iets wat tans nog primêr by bepaalde aanlyn woordeboeke gevind word. DW sluit twee gratis woordeboeke in, een vir spelling en puntuasie, en een vir werkwoorde. Die gebruiker het daarna die keuse om of die volle DW-pakket aan te skaf of slegs die woordeboeke wat vir hom/haar nodig is (fig. 16). Altesaam is daar nege woordeboeke wat in hierdie toepassing geïntegreer kan word. Hierdie aanslag kan aangemoedig word, veral vir uitgewers wat verskillende woordeboeke en leksikografiese produkte publiseer. Dit kan van die selfoonwoordeboektoepassing 'n alles-in-een-woordeboekprodukt maak wat gebruikers se verskeie leksikogra-

